

ALWEER OP REIS.

DI SLAG AS

Lid van di Transvaalse Deputasi,

IN 1883 — 1884,

DEUR

Ds. S. J. DU TOIT.

Superintendent van Onderwijs in di Z. A. Republiek.



PAARL,

D. F. DU TOIT & Co.

1886.

DU TOIT

ALWEER OP REIS.

DI SLAG AS

Lid van di Transvaalse Deputasi,

IN 1883—1884,

DEUR

Ds. S. J. DU TOIT,

Superintendent van Onderwijs in di Z. A. Republ'ek.



PARL,

D. F. DU TOIT & Co.

—
1886.

VOORREDE EN NAREDE IN EENS.

'n Half-klaar boek.—Leser, dis wat ons jou hier aanbied.

Mar hoe sal maak ?

Ek is al meer as 'n jaar—amper twe jaar—tuis, en nog gen tyd gehad om “*Alweer op Reis*” klaar te skrywe ni.

Nou skryf di drukkers myn gedurig, dat hulle di reis-kerse in 'n boek wil uitgé, en hulle wag op di slot.

Wel di slot kan ek ni gé ni.—Dis nog al te ver. Want ek wou nog by ons terugkeer deur Holland kennis genæem hê van di toestande, kerkelike, maatskaplike, en staatkundige; —ek wou bij ons terugkeer in Londen nog 'n verslag gegé het van di werk van Sanky en Moody, wat ons van naby bekyk het,—van di Heilsleger, wat ons nagespeur het van syn laagste werk in di strate van Engeland's hoofstad tot in hulle hoofkwartiere in Victoria Straat; en von soveul meer.

Mar, leser, moet ni kwaad wees, dat ek di slag myn stuk werk half klaar maak ni. Onse liwe Here eis van 'n mens ni meer as hy kan doen ni. En hoe sal ons sondige mense, wat mar almal te kort kom in onse pligte, makkaar o'ereis ? En wel beskouwd is eintlik al ons werk op aarde mar half-werk. Ons blyf reisigers—di reis is nog ni ep 'n end ni. Ek het alweer veul gereis van ek uit Europa terug is. En altemit reis ek nog eens o'er di blou water, en dan vervolg ek mar weer wat hier onafgedaan gebly het.

En wat nou an di boeki ontbreek sal di nitgewers vergoede deur uit Europése krante o'er te neem verslage van di reis van onse Deputasi deur di lande van Europa, wat meer indruk daar gemaak het as nog ooit enige gesaatskap van Afrika's Suidhoek.

En nou, myn medereisigers na di ewigheid! ek eindig met di wens: dat di Here alle skadelike wege van ons mag wegneem en ons almal mag lei op di ewige weg; opdat ons paje, hoe hulle oek mag slinger en uiteenloop hier op aarde, almal eenmaal mag ineenloop in di stad Gods, in di nuwe Jerusalem, wat groter en heerliker is as Londen en Parys en Madrid en al di aardse heerlikheid same; opdat ons daar same mag wandel deur di Son'e strate en same mag sit onder di lewensboom en di rivier van lewenswater!

Di groetenis met myne haad, van

S. J. DU TOIT.

Pretoria, 11 April, 1886,

INHOUD.

	<i>BLY</i>
I. Van di Kaap na Londen	1
II. Londen : Skaduwsy	4
III. Londen : „	14
IV. Londen : Lig en Skaduw	17
V. Londen : Publieke Vermakelikhede	25
VI. Londen : Tooneel en Standbeelde	31
VII. Ontvangs in Holland	36
VIII. Kort Verblyf in Brussel	44
IX. Parys	53
X. Deur Spanje	60
XI. Portugal : di Volk	65
XII. Portugal : di Land	69
XIII. Gevegte met Bulle	73
'n Hoofstuk tussen Twee Hakies	78
AANHANGSEL.—De Transvaalsche Deputatie in Holland.	

ALWEER OP REIS.

DEUR DS. S. J. DU TOIT.

I.

SKEEPSLEWE EN SKEEPSPRATJIES.—ONS REISGESELSKAP.—
MYMRRINGE OP DI TREIN.

An onse Vrinde in Suid-Afrika.

“Jy moet nou weer reissketse skrywe ver di *Patriot*, mar di slag in Afrikaans,”—seg Oom Lokomotief an my toen ons an di Paarl was, op onse deurreis na Europa.

“Mar meneer Du Toit sal nou nix meer te skrywe hê ni, want hy skryf nog altyd van di eerste reis,” seg 'n vrind daar digby di *Patriot*-kantoor.

En ek dag by my self: Ek sou di uitnodiging eerder aanneem as daar *minder* te skrywe was.

En tog neem ek dit an om an di vele vrinde in Suid-Afrika op di maklikste manier gedurig iets van ons te lat hoor. Mar nou onder di verstandhouding, dat ek ni weer so ver agter bly ni, mar elke week soveul molik aanvul tot di datum waarop ek skryf.

Dan nog iets. Di vorige mal was ek op reis ver myn gesondheid. Di slag op 'n staatkundige sending. Van di werksaamhede self beloof ek egter nix bepaalds te sê ni, (altemit as dit afgeloop is). Mar onse reis-ontmoetings sal ek perbeer om me te deel.

Van di hartelike ontvangs, wat onse Deputasi op di deurreis had, hoof ek nix te sê ni; di *Patriot* sal dit wel meege-deel het. Liwers kyk ek terug en roep di vrinde nog eens toe: Hartelyk dank en vaarwel.

* * * * *

Ons sit dan op sê. In myn vroegere reissketse het ek wat van di skeepslewe megedeel. Di slag sal ek julle mar korteliks by eenige van ons reisgeselskap introduceer en eenige skeepspratjies medeel.

Di lede van di Deputasi hoof ek ni by di lesers te introduceer ni; hulle is bekend. Wi ken Oom Paul ni? En by wi

is Veggeneraal Smit onbekend? En di skrywer mag sig wel vlei dat syn lesers hom tog al 'n bietji ken.

Onder di andere reisgeselle, waar ons meer bisondere omgang me had an boord, (want op skip is mar altyd klompies) is vereers meneer Simons, wat di Koncessie verkry het, wat hom di uitsluitende reg verleen om kamele in te voer, en transportdiens met kamele te doen in Transvaal; veral met di doel om di handelsweg tussen Delgobaai en Pretoria te open; en later as di trein gemaak is, dan transport an te voer van di veraf liggende distrikte na di trein. Di plan lyk my nog al goed. Hy gaat nou om dit deur te set.

'n Ander reisgesel was 'n jonge Trigardt, wat na Holland gaat om daar te studeer. Di Trigardt-famili was di eerste voortrekkers na Transvaal, en ek hoop dat di eerste jonge Transvaler, wat uit di famili na Holland gaat, oek 'n voortrekker sal wees van verskillende jonge manne, wat daar degelik gaan studeer, om later manne van krag en beteekenis te worde in ons land.

Nog 'n reisgesel was 'n jonge Engelsman, Barnsley, verteenwoordiger van 'n grote geweers- en ammenusie-fabriek in Engeland, wat waarskynlik di tender van di Transvaalse Regering sal kry, ver di leweranci van geweers en ammenusi. Mog dit mar nooit weer nodig wees, om Engelse soldate te skiet met geweers, in Engeland self gemaak!

En nou 'n paar skeepspratjies. Ons was reg plisierig an boord; aangenaam geselskap, 'n mooie boot, 'n goeie kaptein, en seer gunstige weer, veral ver di tyd van di jaar. Byna altyd mooi weer. Net dig by Europa, langs di Franse kus, had ons digte mis, wat angehou het tot an England. En dis wel wat gevaarlik. Di see was egter kalm, en dan blaas di stoomtrompet mar so nou en dan, want in di mis kan 'n mens verder hoor as sien. Somtyds was dit helder o'er dag so dig van di mis, dat jy skaars 25 tre ver kan sien. As jy nou bedenk dat so'n skip 13 tot 14 myle per uur gaat, en dat dit wemel van skepe juis in di streek, dan is di gevaar van "anseiling" groot. Mar ons is gelukkig veilig deurgekom, hoe-wel ons amper eenslag 'n seilskip omver geloop het.

In ruim 19 dage het ons di reis gemaak, behalwe 6 ure versuim an Madeira. Dis nog al gou. En tog lank genoeg om jou te verveel. Hoe ons di tyd deurgebreng het? vraag julle molik. Ja, di vernaamste tydorkting was mar: slaap en eet en drink en rook en.....gesels! En so geef menige prettige opmerking nog al stof tot nadenking.

President Kruger en ek had di reis al vroeger gemaak, mar Generaal Smit, wat nou ver di eerste maal di reis maak, het nogal enige snaakse anmerkings gemaak, waar molik wel

wat waarheid in sit. Ver 'n staaltjie. Een dag sit ou bo op di agterskip te praat, hoe groot of di see tog is, dat ons al dag ruim 300 myle gaat, en tog nog so lank moet vaar: "Ja, seg hy, en waarom moet di Engelse nou so *ver* kom om ons te kom pla, en dan nog so diep in di hart van Afrika!" Ek seg: "dit moet u seker an Lord Derby vra."—Mar di ander dag praat ons o'er di sedebederf van Londen en di grote Europese stede, toen seg hy: "Ne, nou is ek mar bly, dat daar so'n grote oseaan tussen ons is; nou is daar tog meer kans ver ons om bevryd te bly van di Europese onbeskaaftheid."—Net so weer toen ons per spoor van Plymouth na Londen gaat, (230 myle in 6 ure tyd), en deur 'n mooi beplante streek, seg hy: "Di Engelse het mos 'n mooi land; as ek so'n land het, dan sal ek nooit so ver gaan om andere nasies te pla ni."

Mar ek sat di tyd op di trein te peins (ek praat selde veel op 'n trein, di ding raas te veel). En molik kan ek julle 'n paar van myn bedenkinge medeel, sonder julle te verveel. Engeland was soos gewoonlik in di tyd van di jaar onder mis en newel begrawe. Stad na stad en dorp na dorp vlieg ons verby met di trein. Terwyl di andere o'er dit en dat sit te praat, kyk ek hoe di hoge stoortene van di stoomfabriek in ense tyd begin te wedywer met di verheve torenspitse van di kerke. As jy so'n stad ansiet met syn werelddes gewoel, dan is daar iets verheffends in om bo di gewemel, amper bo di dikke misdampe, nog menige kerktorens na di hemel te sien wys, al weet jy ni watter godsdiens in so'n kerk bely word ni; daar is tog nog 'n heenwysing na bowe. Mar wat beteken dit, dat hulle opsettelik di stoortene van di sielverdoewende en liggaamdoodende fabriek, wat nix as donkere rookwalme van onder uitbraak, al hoger optrek, net of hulle bo di kerktorens wil nitsteek. Is iudustrie dan di hoogste godsdiens van ons tyd P... ..

'n Andere bedenking was van heel andere aard. Ek bekyk di Engelse landbou, hulle plante en diere. Onder di diere is di mooiste hulle mooie grote *wol*skepe. Ek dag: waarom het di skape nou hier soveel digter en langer wol as by ons. Mar meteens staat dit my lewendig voor di gees: in koue lande draag di mense oek dikker klere as in warme streke. Di jas wat ek hier dra sal ek ni graag op 'n warme dag by ons dra ni. En so is dit 'n wysse goddelike beskikking, dat di diere in koue streke oek digter wol het as in di warme, en dat hulle di dik klere uittrek, soos dit hulle pla in warme streke. Hierower sou onse veboere wel wat verder kan nadenk en gevolgtrekkings maak.

* * * * *

En nou sit ons in Londen,—druk besig met onse werksaamhede. En ons sal wel nog enige tyd hier bly. Mar hoe druk oek, 'n mens moet tog lug skeep oek. En so het ons dan oek al heel wat van Londen gesien, en ons hoop nog meer te sien. Daarvan hoop ek vollende keer wat me te deel. Gegroet ver ditmal, oek van myn reisgeselle.

S. J. DU TOIT.

Londen, Albermale-Hotel,
15 November 1883.

NASKRIF.—Ek het di stuk an myn tve vrinde voorgelees, om te hoor of hulle iets afgelaat of bygevoeg wil hê. Mar hulle seg, ne dis goed. President Kruger wil net hê ek moet byvoeg, dat ons al te laat spook snags hier in Londen, en hy wil graag vroeg gaan slaap. Mar Generaal Smit seg, dan moet ek daarby voeg: ons kan ni anders ni, want ons weet ni wanneer hier dag of nag is ni; hulle brand o'erdays oek gas, en dis snags amper ligter en lewendiger as o'er dag.

II.—LONDEN.

LIG- EN SKADUWSY.—'N GERUGMAKENDE BOEKI.—HOE MIN MENSE KERKTOE GAAN IN LONDEN.—DI TOUSTAND WAARIN HULLE LEEF.—ONSSEDELIKHEID.—ARMOEDE.—HARTVERSKURENDE ELLENDE.—WAT KAN GEDAAN WORDH.

Londen, 22 Nov. 1883.

An onse Vrinde in Suid Afrika.

Ons sit nog altyd in Londen, met hande vol werk. Almal vris, behalwe Generaal Smit is 'n bietjie verkou'e.

Ek het beloof om julle dese week wat van Londen te vertel. Londen het syn ligsy en syn skaduwsy. Ek sal met di laaste begin, altemit sal di ligsy dan beter uitkom.

Ek neem daartoe 'n boeki wat nou onlangs nitgekome is. Deur 'n Engelsman geskrywe en gedruk.* 'n Boeki wat nog al gerug maak. Di krante skryf daaro'er en di saak word ondersoek.

Ek geef dus ni myn eie voorstelling ni. Ek vertel oek ni nit Franse boekies wat Londen so erg afskilder ni. Mar ek lat di Engelse self praat.

**The Bitter Cry of Outcast London.*—Di Bitter Geroep van di Verstote Londen, gepubliseerd deur JAMES CLARKE & Co., 13 & 14, Fleet-straat.

En veul anmerkings maak ek oek ni daarby ni. Di meet di lesers mar self maak. Net mar twe anmerkings, een van my en een van Generaal Smit.

Vereers siet ons hieruit, dat di mensevrinde van Londen wat sodanig werk ver di arme Kaffertjies in Suid Afrika, beter sal doen as hulle eers voor hulle eie deur veeg. Ek sou ten minste liwers 'n Kaffer in Transvaal wil wees as een van di ongelukkige "Straat-Arabiere" in di skuilhoeke van Londen.

Verder, di Generaal seg een aand toen ons same se alles bekyk, veral di onsedelikheid: "Ne, ek siet gen herstel ver di nasi ni; di kwaad is al te ver deurkankerd." Melik denk imand dis te veel geseg, mar as hy sit waar ons toen gesit het en siet wat ons toen gesien het, dan sal hy oek moet erken: menselik gesproke is daar kans om *enkele* uit de menigte te redde deur Gods genade, mar ver so'n hele *bevolking* kan God alleen 'n redmiddel bedenk.

Mar nou 'n uittreksel uit di boeki.

In syn inleiding, sprekende o'er wat reeds gedaan en nog moet gedaan worde om di ongelukkige te hulp te kom, erken di skrywer, dat di vreselike vloed van sonde en elende di oerhand kry; dit styg elke dag hoger. En di verklaring word gemaak na 'n lange, geduldige en ernstige ondersoek, van huis tot huis en straat tot straat. Dan, daar is hoegenaamd gen vergroting gemaak ni; dis net 'n eenvoudig verhaal van feite. Gen drukker sal wil druk en gen fatsoenlike huisgesin sal in hulle huis toelaat selfs di droogste verhaal van di afskuwelike skandelikhede, ontdek in een kort van huis-tot-huis besoek. Daarom is in di beskrywing heel wat versag, om ni te veul di gevoel van di lesers te ontroer ni. Dan kom nog daarby dat di ondersoek gedaan werd gedurende di somer; terwyl di toestand van di arme in di winter nog veul erger is.

Hoeveul mense kerk toe gaan. Dis misskien nouweliks nodig om te sê dat van di honderd duisende van di klas mense weinige enig plaas van godsdienst besoek. In di nabyheid van Old Ford woon 212 families in 147 langs makaar staande huise, waarvan 118 nooit onder enige omstandigheid, plase van godsdienst besoek. Uit di 2,290 persone, wonende in Bow Common, gaat mar 88 grootmense en 47 kinders ra kerk, en daar 64 hiervan tot 'n Sendingsaal behoer, gaat mar 24 uit di hele getal na ander kerke. Een straat, dig by Leicester Square, bevat 246 families, en net mar uit 12 van di families word ooit mense in Gods huis gesien. In 'n ander straat gaat uit 100 families mar 19 persone na kerk; terwyl di getal kerkgangers in een

ander distrik van St. George-in-the-East 39 persone is uit di 4235. Uit di getalle is daar wat mar een of tweemaal in 'n jaar na een of ander liefdadige uitdaling gaat, sodat di getalle nog veel gunstiger is as di werklike feite. Gedurig ontmoet ons wat ver 'n 20 of 28 of meer as 30 jare nooit in gen kerk of sendinghuis gewees het; en sommige persone van 64 jaar oud herinner hulle ni dat hulle ooit in 'n godsdienstige plaas gewees het. Mar dis gen wonder, as ons bedenke

Di toestand waarin hulle leef. Ons seg ni di toestand van hulle huise, want hoe kan jy di plekke huise noem, vergeleke waarmee di legplek van 'n wilde dier 'n gesonde en gerieflike plaas is. Weinige wat di bladsye lees het enig begrip van wat di verpestende menselike kraaieste is, waar tien duisende saam gepak word onder afgryselikhede wat ons in geheuge roep van wat ons gehoor het van di tussendek van slawe skepe. Om daarin te kom moet jy gange deurgaans vol vergiftige en stinkende dampe, wat opstyg uit di versameling vuilnis in elke rigting; gange, in baing waarvan di son nooit kom ni, wat nooit 'n windji vars lug kry ni en wat selde di weldaad van 'n druppel skoon water ondervind. Jy moet verrotte trappe opklim, wat met elke stap dreig te begeef. Jy moet kruip deur donkere en morsige gangetjies wemelende van ongedierte. Dan, as jy ni teruggedrywe word deur di ondragelike stank, kan jy toegang verkry tot di krotte waar di duisende skepsels versamel wat, net so goed as jy, behoort tot di geslag ver wi Gristus gestorwe is. Bejammer jy di arme skepsels wat slaap onder spoorweg brugge in karre of kaste of onder enige beskutting wat hulle in di ope lug kan kry? Jy sal sien dat hulle benydenswaardig is in vergelyking met digene wat hier 'n beskutting soek. Ag by ag voet vierkant—dit is sowat di gemiddelde grootte van baing van di kamers. Di mure en solder is swart van aansplaksel van vuilis, wat van jare af daaraan gaan vassit het. Wat ver 'n venster moet deurgaans is ver di helfte toegestop met pluins of toegespyker met planke om wind en reen uit te hou; di ander gedeelte is so bemorsd en donker gemaak dat daar nouweliks kan lig inkom of buitekant iets gesien kan worde. Kom jy by 'n dakkamertji waar ten minste 'n opening ver vars lug kan verwag worde, deur 'n ope of stukkende venster, dan kyk jy neer op di dake en rande van lagere huise en ontdek dat di lug, wat in di kamer kom, o'er verrottende geraamtes van dooje katte of vo'els gaat, of selfs nog liederliker dinge.

Wat huisraad angaats,—jy mog by geval 'n stukkende stoel of di waggelende o'erblyfsel van 'n ou kooi, of 'n stuk

van 'n tafel ontdek; mar gewoonlik kry jy mar in plaas daarvan ruwe planke op bakstene, 'n kis of dikwils nix as vodde en lompe.

In elk een van di vuile verblyfplekke woon 'a familie en somtyds twee. In 'n kelder het 'n gesondheids inspekteur gekry 'n vader, 'n moeder, dri kinders en vier varkens! In 'n ander kamer vond 'n Sendeling 'n man siek an di pokkies, terwyl di vrou juis van haar agste siekbed opstaat en di kinders halfnakend en morsig rondloop. Op een plek woon sewe mense in 'n onderaardse kombuis en 'n klein dooje kind leg in diselfde vertrek. Op 'n ander plek weer is 'n arme wedewe met haar dri kinders en een wat al dertien da'e dood is. Haar man, 'n koësier, het kort van te vore selfmoord gepleeg. Hier woon 'n vrou en haar ses kinders, waarvan een dogter 29 jaar oud is, 'n ander 21 en 'n seun van 27. 'n Ander vertrek bevat vader, moeder en ses kinders, twe waarvan siek leg an di skarlakenkoors. Weer in 'n ander vertrek woon, eet en slaap saam nege broers en susters, van 29 jaar oud en jonger. Hier is 'n moeder wat haar kinders vroeg in di aand in di straat jaag, om haar kamer ver onsedelike doeleindes te verhuur tot lank na middernag, wanneer di arme klein skepse's weer inkrui, as hulle nog ni op 'n ander plaas 'n ellendige beskutting gekry het ni. Waar daar nog kooie is, bestaan dit slegs uit hope lappe, skaafsel of strooi, mar ver di meeste vind di ongelukkige wesens hulle rus slegs op morsige planke.

In baie gevalle word di sake nog erger deur di ongesonde besighede wat di mense in sulke plase dryf. Hier verstik jy by inkom van di lug vol met bestanddele van di hare van kanentjies, rotte, honde en ander dire, as dit bewerk word ver di fabrikant. Daar word jy bedwelmd deur di ruik van pap en drogende vuurdosies vermeng met ander ongesonde ruike, of dit mag wees di geur van ou vis of vrugte, wat ni op di vorige dag verkog is en di nag in di kamer gehou word. En al sou hulle dan nog hulle vensters opemaak, dan is di buite lug byna net se verpes as wat in di huis is.

Hoe elendig di huise oek al is, het sommige daarom ni di middels om dit te huur ni, mar loop di hele dag rond en neem dan snags hulle toevlug in een van di lage losieshuise wat daar gevonde word. Di is dikwils di toevlugsoord van dieue en vagebonde van di laagste soort, en sommige word bestuurd deur ontvangers van gesteelde goed. In di kombuis vind jy di mans en vroues and' kos kook, klere was, of rook en dobbel. In di slaapkamer is lange rye kooie, soms 60 of 80 in een kamer. In baie gevalle is mans en vroues deur maak, sonder di minste poging om enige fatsoenlikheid in

ag te neem. Mar daar is nog 'n diepere diepte. Sommige kan ni eens di twe oulap by makkaar skrap ni, om in so'n verblyf nagrus te kry, en dan verdring hulle makkaar op di trappe en stoepe, waar dit ni iets ongewoons is om ses of ag persone in di vroege morre te kry.

Dat mense onder sulke omstandighede an di drank raak en tot sonde verval is ni te verwonder ni. Ons kan liever met 'n ondersoeker sê, dat hulle krediet verdien dat hulle nog ni 20maal slegter is ni. 'n Treurig gevolg van di te same pakking is, dat di goeie in noue anraking kom met di slegte. Dikwils moet 'n eerlik man met syn familie herberg soek in 'n dief syn huis. 'n Menigte word sleg deur hulle gemeenskap met digene wat reeds verhard is in sonde. Is dit dan 'n wonder as 'n kind, uit di neste na 'n hospitaal genome, huil as hy gesond is, omdat hy vrees om weer terug gestuur te worde na syn vroege elende?

Onsedelikeid is mardinaaturlike gevolg van sulke toestande. "Di Huwelik," is geseg worde, "as 'n instelling is ni di mode in di streke." En dis di naakte waarheid. Vraag of di mans en vroues wat daar in di neste saam woon getroud is, en jou eenvoudigheid sal 'n glimlach veroorsaak. Nimand weet; nimand ge daar om; nimand verwag dat hulle getroud is. By uitsondering kan jou vraag bevestigend beantwoord worde. Bloedskande is algemeen; en geen gedaante van ondeug en wellus verwek verwondering of trek di andag. Di wat lyk of hulle getroud is, skei dikwils net as hulle twis kry, en maak daar nix van om onmiddelik daarop mar weer met 'n ander te trou. Een man werd angewys wat enige jare met 'n vrou geleef het, di moeder van syn dri kinders. Sy sterf en in minder as 'n week had hy 'n ander vrou in haar plaas. In seker buurte het 'n man met 'n vrou saam gewoon. Een morre gaat hy uit met 'n ander man om te gaan rowe en werd deur di ander persoon vermoord. Di moordenaar draai om en vertel dat syn maat gevang en tronk toe gebring is; en diselfde nag neem hy di plaas in van di vermoorde man. Di lage gedeeltes van Londen is di sinkput, waarin al di skuim en afskuwelike van di land invloei. Hele huise is gevuld met dieuwe, ontugtige en losgelate misdadigers. In een straat is 35 huise en daarvan staat 32 bekend as "gemeene huise." In 'n ander buurte is 43 sulke huise en 428 gevalle vroue en meisies, baing waarvan ni ouer is as 12 jaar. 'n Omtrek waarvan di bevolking opgege word ver 10,100 bevat 400 wat di onsedelike beroep volg; terwyl hulle ouderdom gaat van 13 tot 50 jaar.

Van di sedelike agteruitgang van di mense geef di vollende voorval ons 'n denkebeeld. 'n Oost Indise Sendeling het 'n

jonge meisie van 'n onsedelik lewe verlos, en 'n betrekking ver haar gekry by mense wat ergens anders sou gaan. Hy brag haar na Southampton en by syn terugkeer werd hy hevig uitgeskel deur haar ouma, met medegevoel van di bure, dat hy an 'n arme ou vrou haar middel van bestaan ontnem het.

Di elende en sonde veroorsaak deur drank in di buurtes is dikwils verteld, mar di afgryselikhede kan nooit deur 'n pen of 'n kunstenaars tekenkwas bekend gesteld worde. In di onmiddelijke nabyheid van ons (di skrywer's) kapel in Oranje Straat, Leicester Plain, is 800 jenewer paleise, di meeste daarvan regte groot. Kyk in een van di glinsterende sale met syn bonte, ongelukkige trop en jy kan verskrik worde as jy dink an di kwaad wat al nagte daar verrig word, mar vergelyk dit met di walgelike vertrekke daaragter en jy sal ni langer verwonderd wees dat dit so vol is. Met syn glans, syn opwekking en syn tydelike vergeet van sorg, is dit 'n soort van hemel ver tien duisende. Hoe kan dit verlang worde dat hulle di versoekings sal weerstand biede. Hulle sou ni kan lewe as hulle ni drink ni. Alle soorte van sedelike bedorweheid het hier 'n skool. Kinders wat nouweliks kan loop, word geleer om te steel en onbarmhartig geslaan as hulle terugkom van hulle da'elike togte sonder geld of iets wat geldswaarde het. Baing word by di hand gelei of in di arms gedra na di jenewer paleise, en ni selde kan jy sien hoe dat moeders hulle kleintjies dwing om di vurige nat te drink. Di feite geef mar 'n flou denkbeeld van di sedelike invloede, waarvan di bewoners van di streke gen ontkoming het, en waardeur voortgebring word 'n "kindschap wat gen onskuld ken, 'n jeug sonder skaamte of sedelikheid, 'n volwasse geslag, mar volwasse in nix as smart en skuld, en verwelkte grysheid, wat 'n skande is ver di naam wat ons dra."

'n Ander groot kwaad waarmee ons te worstel het en wat ver 'n groot gedeelte di oorsaak is van wat ons beskrewen het, is

Di armoede van di elendige verstoteling.

Ons meen di armoede van di wat trag om eerlik te lewe, want niteenstaande di treurige ontdekkings van onsedelikheid wat an di lig gekom is, is di getal van digene wat eerlik hulle kos wil verdien, veul groter as di onterlike. En dit strek hulle tot eer, daar hulle di hele dag same is met digene wat oneerlik lewe. Dis bekend dat 'n kind van sewe jare oud maklik 10s. 6d. per week kan maak deur steel, mar wat kan hy verdien met sulke werk soos vuurdosies maak, waarvoor 2½d. ver 'n gros (12 dosyn) betaald word, en dan

moet hy dit self droog maak en syn pap ens. self lewer. Voordat hy soveul kan verdien as di jonge dief moet hy 56 gros per week maak of 1844 op 'n dag, wat onmoelik is. Vrouens kry ver di naai van 'n broek 2½d., en dan moet hulle self gare lewer. Ons vraag 'n vrou, hoeveel sy op 'n dag verdien; sy antwoord: een siling. Mar wat is 'n dag ver haar? *Sewetien* uur! en dit sonder ophou; onder haar werk moet sy haar korssi brood eet en haar bietji toe drink. Ver di naai van mans hemde word hulle betaald 10d. per dosyn, ver kinder kappies 1s. 6d. of 2s. 6d. per dosyn. In St. George's-in-the-East word 'n menigte vroues en kinders—sommige sewe jaar oud—gebruik om sakke te maak, waarvoor hulle 'n oortji per stuk kry. In 'n huis was 'n vrou met 'n half gekke dogter besig om matrasse te maak teen 1½d. per stuk. Een vrou met 'n verlamde hand onderhou haarself en 'n blinde man met vuurdovies te maak, waarby sy op di bowegencemde wyse beloond word; en van di 2½d. per gros moet sy 'n oulap afge an 'n meisie wat ver haar help.

Met mass is dit betreklik gesproke, ni beter ni. "Myn meneer," seg 'n man an 'n skrywer in di *Fortnightly Review*, "kry een pond waarvoor hy ver my 3s. ge om dit te maak. En dit is maklik om te glo, om te wret dat ver 'n paar vissersstewels, wat ver £3 3s. verkog word, di arme werkmans mar 5s. 3d. ontvang, as dit op order gemaak word, en 4s. 6d. as dit in voorraad is. 'n One snyer en syn vrou is besig konstabel-jasse te maak. Hulle moet alles maak en nog hulle eie gare verskaf, en dit ver 2s. 10d. ver elke jas. Di paar ou mense werk van halfsewe in di morre tot tien uur saans, en saam maak hulle een jas in twe da'e. Hier is 'n moeder, wat alles van haar 4 kinders afgeneem het wat sy mar kan, sonder hulle geheel naakt te laat. Sy het di goed verpand; ni ver drank, mar ver kole en kos. Een siling is al wat sy daarvoor kan kry, en daarmee het sy sewe pond kole en 'n brood gekog. Mar waartoe sou ons vortgaan, want ons ken bladsy na bladsy vul. En dan moet 'n mens ni vergeet, di bowemate hoge huur wat moes betaald worde. Di afgesperste hoge huur (*rackrenting*) in Ierland wat onse verontwaardiging kort gelede gaande gemaak het, is nog barmhartig vergeleke hiermee. As by geval 'n eienaar daartoe oergehaald is om enige reeds lauk nodige herstellings te maak, word dit net oorsaak ver 'n nuwe verhoging. Met gaan deur di kamers kom ons by een, waarin 'n gat, so groot as 'n mens syn kop, op 'n ruwe wyse hersteld is, mar hoe? 'n Stuk plank, van 'n ou scepkissi, is met 'n spyker oer di opening vasgespyker en an di huurder is een en 'n half yard papier gege om dit toe te maak en ver di uitgaaf—misskien 4d. op

di hoogste—*word di huur met 3 oulap per week verhoog.* As dit genog is om onse verontwaardiging gaande te maak, wat moet ons van di volgende denk. Di twe ou mense waarvan ons juis gesproke het, het ver 14 jaar in 'n kamer gewoon, gedurende welke tyd dit eenmaal gedeeltelik skoongemaak is. Di landheer het ondernome om dit binnekort te doen en ver di verlope dri maande het hy 6 oulap per week extra laat betaal ver wat hy gaat doen. Dit is wat di hulpelese ver hulle an moet onderwerp; hulle moet ver di verpestende krotte 'n huur betaal wat di helfte verdienste van 'n familie verteer en laat hulle gen 4 oulap tot 6 oulap per dag ver kos, klere en vuur.

Onder soveul armoede en vuilnis is dit onvermydelik dat 'n mens voortdurend tonele van

Hartverskeurende elende ontmoet, so bejammerenswaardig dat mense wat dageliks jare lank met di verstoteling omgaan, wat van naby met hulle jammer bekend is en van wi dit sou verwag worde dat hulle met betreklik min gevoel sou opmerk, dat wat 'n onbekende sou verbaas—somyds van hulle besoeke kom en so ternesorgesla'e en versonke in pynlike gedagtes dat hulle ni weet waar hulle heengaat. Hoo di getrouwe Sendelinge hulle werk kan voortsit is 'n wonder, veral as 'n mens bedenke dat di elende wat hulle siet ver hulle herinner an di seker bestaan van soveul meer wat gen menselik oog ontdek. Wi kan sig selfs 'n denkb eld vorm van di elende wat agter di vollende voorval leg. 'n Arme vrou in 'n vergevorderde graad van tering, byna tot 'n geraamte verval, woon in 'n kamer met 'n dronke man en vyf kinders. By di besoek was sy besig enige groene ertjies te eet. Di kinders was uitgegaan om hout te soek, sodat hulle kon vuurmaak en vier aardappels kon kook wat op tafel leg, en wat di eetmaal ver di familie ver di dag sou wees.

Of neem 'n ander geval, verhaald deur di Eerw. Archibald Brown, di met sya Sendelinge 'n edel werk doet onder di arme in di ooste van Londen. Di mense het di raporte van Sendelinge betwyfel en toen het hy veul tyd beste an persoonlik ondersoek. Hy vond geval na geval, as bewys dat mar min van di elende verteld is, en hier is een geval. Bowe in 'n anders lege huis woon 'n familie, waarvan di man uitgegaan was om werk te soek. Di moeder, 29 jaar oud, sit op di enigste stoel in di plaas, voor 'n vuurherd sonder enige vuur. Sy versorg 'n kindji van ses weke oud, wat van di geboorte af niks as 'n ou gekleurde lap omhad, di moeder had 'n ou stukkende tabbard an. Nis kinders, waarvan di oudste 13 jaar was, loop blootsvoets en halfnaak deur di kamer, Daar was 'n ou ledikant en daar'n moos snags sove

kinders slaap, terwyl di oudste op di vloer 'n rusplek moet soek.

Dit is naar, mar nog ni di ergste ni. In seker kamer werd ondersoek ingestel na di dood van 'n klein kind. 'n Man met syn vrou en dri kinders woon in di kamer. Dit was di tweede kind wat deur di verpestende lug gestorwe is: en di dooie kind werd ope gesny in di een kamer waar di oners, broers en susters lewe, eet en slaap, omdat di wyk gen inrigting het waar sulke ondersoek kan gedaan worde.

Onder di hartverskeurende tonele wat di ingestelde ondersoek te sien gege het, was di elende van di kinders wel di vreselikste. Des te treuriger is di feit, daar in di meeste gevalle di dronkenskap en di ongebonde gedrag van di oners di oorsaak is van di jammerlike toestand van di kinders, wat di droevigste blyk uit di menigte kwale en gebreke waaraan hulle onderworpe is. Van hulle geboorte af word hulle heeltemaal verwaarloosd; hulle liggame en geskeurde klere wemel van ongedierte; hulle word wreedaardig behandeld; bring van hulle het nog nooit 'n groen stuk veld gesien ni, en weet ni wat omgaat in di wereld verder as di straat waar hulle woon; dikwils moet hulle di hele dag deurbring sonder 'n stukki brood. Hier is 'n kind wat 'n paar stukkie brood besmeerd met modder van di straat optel en dit opset. In di huis, waar di kind staat, vond ons—so verhaal di beriggewer,—'n meisi, besig met vuurdosies te maak. “Waar is jou moeder,” vraag ons. “In di gekhuis.” “Hoe lank is sy al daar?” “Vyftien maande.” “Wi sorg ver julle?” “Ik pas myn broers en sussies op, so goed as ek kan.” “Waar is jou vader, werk hy?” “Hy was dri weke sonder werk, mar hy is nou uit ver 'n werki wat twe da'e sal duur.”

Ander huis werd bewoond deur nege moederlose kinders. Di moeder was gestorwe van skrik, toen een van haar kinders o'erry werd. Di oudste is 14 jaar oud. Algar woon in een kamertji, en daar is een kooi waar vyf in kan slaap. Hier is weer 'n arme vrou deur haar man verlate en nagebly met dri jonge kindertjies. Een het 'n paar da'e gelede 'n ongeluk gekry en syn arm gebreek en leg in 'n hoek op 'n handvol strooi, met 'n ou sak ver kombêrs. En hier in 'n kombuis-kelder van 'n ander huis vind ons nege kinders, sonder enige kos en byna sonder klere; en daarby kan jy nouweliks deur di kamer sien so erg is di rook en vuuls.

Dis egter duidelik dat di arm mense ergens moet woon, en dis wenselik dat hulle huise so naby hulle werkplek is. Dis verder merkwaardig dat di *Artisans' Dwellings Act* di saak ver di arme eer erger as beter gemaak het. Op verskillende plase van Londen is hele buurtes omvergehaald, alwaar deur

di kraaineste siekte en elande voortgebring is,—om plaas te maak ver goedkope huise, waarvan di huurprys egter di middele van di mees behoeftige ver oertref. Dit het ten gevolge gehad dat di ongelukkigige skare van mense ver hulle nog meer moes opeen pak in di enkele morsige wyke wat daar oergebly het; en sodoende is dit di huismelkers geluk om hulle voordeel te maak uit di armoede van di rampsalige, deur onbewoonbaar verklaarde huise op te koop, reg te maak en dan an di arme swerwelingen te verhuur, wat tog 'n rusplek moet hê, al is dit oek dat hulle lowend daarin begrawe word.

Op di Staat rus di plig om an di woeker 'n einde te maak, deur an di armste di regte te verleen, wat burgerskap meebring, di reg om in iets beters te woon as waarin di laagste redelose diere woon. Dit moet voorafgaan an di werk van di Gristelike Sendeling, sal di werk enige kans hê om na wens te geluk.

Di Comité van di Congregational Union het egter beslota om dadelik met hulle werk te begin, in dri van di mees behoeftige wyke van di stad. Di plan is om in elke wyk 'n sendingspos met gebouwe te vestig en met 'n huisbesoek op grote skaal te begin.

Een van di dri wyke is Colliersrents. Dit leg in 'n kleine straat wat uitkom op Longlane, in Borough. Daar woon 650 huisgesinne, of 3,250 mense in 123 huise; di hoofbewoners is vo'elvangors, straatsingers, ontsla'e tughuisboewe, diewe en ontngtige. Daar is verskillonde losieshuise van di laagste rang in di buurte, en in sommige gevalle is twe huise an mekaar met 'n binne deur, sodat diewe makliker kan ontvug. By 'n hoek van een van di strate kom 'n mens in 'n gang, omtrent 10 voet lank en 3 voet wyd; dit ly in 'n agterplaas 18 tre lank en 9 tre wyd, waar 12 huise staan en waarin 86 huisgesinne woon. Di gesondheidstoestand van di plaas is onbeskryflik. An di een kant van di gang staat 'n grote vuilnisbak, waar allerhande vuilnis en liederlikhede in opgehoop worde; terwyl in di anderkant vier private kamertjies is. In di noue ruimte word al di waswerk van di 36 families gedaan en di ruik van di plek is ondragelik. Vandaar gaat 'n mens sewe of ag trappies op in 'n lange, donkere en vuile gang, wat jou by 'n kamer bring. Di enige huisraad in di kamer is 'n ou ledikant, waarop 'n party stinkende lappe lê, en 't stukkende stoel; di enige bewoonster is 'n terugstotende halfdronken Ierse vrou. Sy is juis besig enige ou klere en lompe uit te sock om daar wat voor te gaan haal by di pandhuis. Op di vraag of sy dit doen omdat sy arm is, word sy kwaad en skre: "Jek arm? ek het 'n halwe

brood en 'n bietji melk in di huis," en toen haal sy uit 'n hoek van di huis 'n vrottende kalkoen te voorsyn en vertel dat sy dit ver haar middagmaal wil kook. Sulke kamers word gemebilerd (?) verhuurd te'en 3s. 6d. en 4s. per week of 8d. per nag, en dit word verteld dat di eienaar 50 of 60 persent rente trek van syn geld. Di plek is mar 'n voorbeeld van baing ander plekke, waar elende en jammer heers. Gelukkig dat di werk van di Sendelinge tog vrugte dra, soos uit meer dan een voorbeeld reeds geblyk is.

III.—LONDEN.

NOG DI DONKERE SYDE —WAT DI PREEKSTOEL SEG.—OORSAKE VAN ARMOEDE EN ELLENDE.

Waarde Vrinde,—Onsis nog altijd in Londen,—het al veel gezien en gehoor. Jammer dat ek ni meer tyd het om an jalle me te deel ni. Di slag nog wat van di *donkere sy*. Laas het ek megedeel wat di *drukpers* daarvan seg, nou wat di *preekstoel* seg; want op verskeie vergaderinge en in verskillende preke kom di jammerlike toestand van di lagere klasse in Londen te sprake.

Op Sondag 9 Dec. had di Eerw. Stopford Brooks, een van di vernaamste predikante in Londen, 'n preek daaro'er in di Bloomsbury Chapel. Hy begin met Londen te vergelyk met di *Paleis van di hoogmoed* in Spensers "Faery Queene",—'n pragtige Paleis, mar sonder klei sleg opgebouwd; hoge mure, mar ni sterk; groot en hoog, mar sonder fondament. Daarin woon Lurifera, met di 7 Doodsonde, in grote krag. Mar wat leg daar agter? 'n Tronk, 'n diepe kerker, waar di ongelukkige gevangene, di arme slagoffers dag en nag kern en weeklaag! Dan gaat di prediker vort met dit op Londen toe te pas:—

"Gen woorde (soo's onlangs geseg is) kan di ellende vergroot wat agter onse pragtige gebouwe en rykdom verborge leg. Hier in di nabyheid van di kerkgebouw is daar hele waar fatsoenlike mense in woon, nege in 'n kelder, ni groter dan ses sitplase in di kerk, en waarvoor hulle vyf silings per week betaal. Dit is di beskrywing van duisende woonvertreкке oeral in di stad, waarin di vuilnis, ongedierte en onnoembare ellende jaar na jaar vermeerder.

Elke verbetering wat daar in onse stad gemaakt word, tel grote gerief en genot van di ryke klasse, sonder ook tegely-

kertyd voorsiening te maak ver digene van wi di huise afgebreek word om ruimte te maak, sal di owerbevolking vererger, en di huur al duurder word ver digene di alreeds vermoord word deur te veel werk. Hulle loon ver di uitputting is hongersnoodprys.

Daar is duisende wat gen werk kan kry, en wat hulle lewe in wanhoop deurbring, en terwyl hulle siel deur so'n kanker verteer word, kwyn hulle liggama weg deur hongersnood.

Hongersnood is algemeen in di stad, en veral hongersnood onder kinders, en sulc 'n feit spreek duidelik genoeg ver di eerste stad in di wereld.

Digene wat iets verdien, kryg, seg 20s. per week, met vrouw en kinders, en 'n kamer wat 7s. per week kos, sodat 'n derde van hulle loon nooit hulle wonings bereik. In Londen is ons vooruit in sulke dinge.

Daar is niks so vreeslik in eenig ander groote beskaafde stad, ne selfs ni in Parys of New-York; daar is nergens in di Christelike wereld sulc 'n opeenhoping van ellende, liederlikheid en verlaging, as in England; in gen ander land is daar soo'n tevredenheid en vaste geloof dat alles wat noodig is, ver di arme gedaan word, of seo'n bedaarde manier om in di Parlement alle maatre'els te ontwyk wat kan dien tot verligting van di arme. Uitgenome in geheel despotieke lande, is daar geen plek waar ver vele jare lang di wet so duidelik en onmiskenbaar di party opneem ver rykdom, rang en mag teenoer armoed, swa'heid en onkunde. Di onbeskaamde rykdom en dwase pronk van 'n Londense winter "season", soas dit dag na dag meegedeel word in di koante, het ver hulle agtergrond, waarvoor hulle di sorgeloose komediestukke afspeel, di vuur en di ellende, di donkerheid en di boosheid van di Hel. Dit is di toestand, en dit is nog ni so erg beskrewen as di werklikheid is."

Daarna gaat di prediker di *oorsake* hiervan opspoor, waarvan di hooforsaak is "*owerbevolking*", mar daar is "*twede oorsake*", wat hy aldus blootleg:—

"Di eerste oorsak van di opeenhoping en di gevolge daarvan is dit, dat al di grond in di land in besit is van 'n gering antal persone, en hulle drywe langsaam dog gewis al di arme van hulle grond, di ni als arbeiders daarop noodig is. Di land word ontvolc, en dag na dag gaat dit voort. Waar gaat di landelike bevolking, wat gen andeel kan verkry in di algemeene erfenis van di mens, di aarde? Hulle gaat na di groot stede. En as hulle in Londen kom, waar ous nou mee besig is, wat ontmoet hulle daar? Andermaal kom hulle in saaraking met di grondkwessi. Hulle vind di huur van di grond so geweldig heog, dat di huisverhuurder genoodsak is, (hoe

medelydend hy ook mag wees), om di volle prys te vra, en di huur is gevolglik om di grote aanvraag van arm mense, verskriklik.

Hulle moet 'n enkele kamer neem of van gebrek omkom. En hulle moet in vuilnis en ellende lewe. Daar is gen ander plek waar hulle kan woon ni. En dan verder volg al di kleinere verhuurders di voorbeeld van di ryke. En hulle kan dit ni help ni. Daar kan niks eerlik gedaan worde in 'n saak wat ni as een van syn grondslage aanneem, wetgeving in di grondkwessi, of dit reg is om te verdra dat waar dit di belang van di hele staat geld, dat byna di hoogste vereiste van di lewe deur 'n klein antal sal beetgepak worde, om daarmee te doen wat hulle wil. In alle geval di boek wat in elke godsdienstige huis gelese word, spreek duidelik geheel anders. "Di grond behoort alles an God," seg di Joodse grondwet.

"Siet toe en wacht u voor de gierigheid," het Gristus geseg, toen 'n twissaak omtrent land voor Hom gebring word. Di owerbevolking van Londen, groteliks ten gevolge van di ontvolking van di land, het di loon onder di lagere klasse verminderd tot di toppunt van gebrek, en sodat daar hoege-naamd gen loon is ver duisende. Mans en vrouws moet lewe; di lewe is duur, selfs in di ruim van 'n slaweskip, en di opeengehoopte volk van Londen, wat ni wil steel om te lewe, is gereed om enig loon te neem, selfs dri oulap op 'n dag ver 12 ure werk, om mar brood te koop. Dit is al wat duisende van hulle kan kry in di gevaarlike mededinging van haudswerksliede, om makkaar te onderkruip.

Di laaste wortel van di saak is di kwessi van drank. Mans en vrouws wat in huise woon soos di armste in Londen, in kamers waar hulle seos slawe in 'n hok gepak worde, sonder lig, sonder gesonde water, in plase, wemelende van ongedierte, sleg gevoed, en ni instaat om gesonde kos te kry, jammerlik siek deur gebrek an lug en kos, is seker om na beskutting warmte, lig, 'n prikkelend en verdowend middel, en skynbare vergeestagtigheid te soek, en om hulle laaste oulap uit te ge om sulke dinge in openbare huise te kry, di enigste plase wat ope is ver hulle. Ellende van di soort is di natuurlike prooi van di drankhandel. Ver di mense is di versoeking, om in di huise te gaan en daar hulle geld te gaan uitge, onweestaanbaar, en 90 persent ge toe an di versoeking. Daar word hulle voorsien van 'n gif wat met vuur invreet in hulle ligaam, siel en gees, wat di bietji loon wat hulle ontvang, wegsteel, wat hulle siek en gek maak, wat di ongeboere kinders met syn asem verderf, wat mense in di straat stuur om te steel, te moor, te rowe en te verniel, en wat hulle eindelijk dood maak soos wilde dire,

En waar is di plase so opgeprop, waar vind ons hulle so owerfloedig, soos brandnetels in 'n verwaarloosde kerkhof? Net waar di mense di armste, di onkundigste, di slegste is, waar hulle di swakste in hulle wil is, di meeste ongeoeffend in sedelike mag, en di mees verarmd en mees elendig is.

Ons saai met di hand di slegste en raees verskriklike versoekings juis op di plase, waar dit seker is, dat di grootste kwaad sal doen."

Dan gaat di prediker di *geneesmiddelle* opspoor. Mar daar by ons, Gode zy dank! di kwaad nog ni so ver gevorder is ni, is dit ver ons genoeg om di kwaad te ken en te voorkom.

Veral di kwessi van di *grondbesit* is ver ons land van belang. So lank as onse bevolking di grondbesitters blyf, sal ons di gesegend middelstand behou; mar soos ons gronde eers in hande van enkele ryke "Landlords", hetsy binnelandse of buitenlandse, kom, gaat ons diselfde toestand te geoet.

Molik sal ons nog verdere hisonderhede, oek wat ons met sie oge gesien het, medeel. Groete ver ditmaal. Mog dit by ons nooit so worde ni!

Londen, 13 Dec. 1883.

IV.—LONDEN.

TENTOONSTELLINGE VAN VISSERYE,—VAN BLOMME EN VRUGTE,—
VAN VE,—VAN MENSE!—'N UITSTAPPI NA BIRMINGHAM.—
PAPIER-GEBOUWE.—'N KLEINE VUURHOUTJIES-VERKOPER-
TJL.—PENNI-KOOPIES.

Londen, 25 Dec. 1883.

Waarde Vrinde!

Di slag geef ek 'n korte, vlugtige oersig van een en ander, wat ons in di tyd gesien het in Londen, waarin lig en skaduw deur makkaar speul.

Vereers enige Tentoonstellings.

Di eerste ding wat ons gaat kyk het, di dag na ons ankoms in Londen, was di *Visserij-Tentoonstelling*, wat net di dag sou gesluit worde. Dit sou meer as 'n dag neem om alles deur te loop, en mar 'n oersig te neem, en ons had mar enige ure. So moes ons vlugtig alles deurloop. Daar kon jy, in aparte afdelings, van di verskillende lande en volke, sien di soorte

van gereedskappe om visse an te teel, en visse te vang, en gevange visse te bewaar; daar kon jy gesoute en gedroogde en varse en lewendige visse sien, en in een woord, alles wat op visserye betrekking het. Daar kon jy 'n vismaaltyd kry, op alle maniere klaar gemaak. Daar kon jy sien di verskillende soorte van se-krappe, en se-skilpaje, en se-skulpe, tot di lelke se-katte inkluis. Mar daar di meeste lesers ver van di sé woon, en molik ni so veul belang daarin stel soos ek ni, sal ek julle ni met 'n uitvoerige beskrywing verveel ni.

'n Andere Tentoonstelling was ver my nog mooier, namelik van *Blomme* en *Vrugte*, in di Aquarium, en dit in di winter. Ek moet erken, ek het ni gedog dat hulle hier soveul en sulke goeie blomme en vrugte kon hê ni, en dit in di koue tyd van di jaar. Di blomme was meesal mar van een soort, *Chrysanthemums*, (ons noem dit mar oek *Asters*, hoewel dit eintlik van *Asters* onderskeie is); mar daarvan was so'n verskeidenheid, as ek nog nooit van een soort blomme gesien het ni. Dan di vrugte was pragtig:—Appels so groot soos limoene, pere groot en sappig, druiwe grote trosse en geile korrels, party soos pruime. Toen ek later an Lord Derby di kempelment maak, dat ek ni gedog het dat hulle in di koue klimaat sulke mooie vrugte en blomme kon hê ni, antwoord hy ewe prettig:—“Steenkole en warm water doet dit, Meneer!” Dit meen, dat di vrugte en blomme uit Broeikaste (*Hot Houses*) kom. Daarom kan hulle hier in di winter net so goed as in somer vrugte en blomme hê, omdat in di Broeikaste di lug altoos tot 'n sekere graad warm gehou werd. Ons is nou hier diep in di winter, (ek het al sneuw sien waai soos wol), en tog het ons al dag by ons dinner druiwe, appels, pere, dus somerfrugte, en tog oek limoene en nartjies, dis weer winterfrugte. Mar vele van di vrugte wat hier geëet word, kom van di vasteland van Europa, uit Spanje, Portugal, Frankryk, ens. Di vrugte uit di Broeikaste is natuurlik duur.

Dan het ons nog 'n Tentoonstelling besog, wat ver di lesers molik van nog meer belang is, namelik van *Ve*: Skape, Beeste en Varkens, in di Agricultural Hall, Islington. Myn opmerking was, dat dit meer skeel dat hulle skape groter en mooier is as onse, as hulle beeste. Di skape was pragtig. Daar was 10 soorte Beeste, en 16 aparte soorte Skape. Om di leser te lat sien dat hulle beeste minder uitmunt bowe ons syn, as julle skape, geef ek di gewig van enige. Daar was een Os, van Meneer Owen Thomas, van Anglesey, oud 3 jaar, 11 maande en 2 weke, wat 2498 pond weeg. So was daar oek 'n Skotse Bul van Meneer Clement Stephenson, van 3 jaar, 8 maande en 4 dage, wat 2375 pond weeg. Nou is dit seker goeie gewigte. Mar dan moet 'n mens bedenke, dis gevoerde

goed, en ni mar net vet gevoer ver 'n tydji, om geslag te werde ni, mar goed gevoer en opgepas van jongs af.

Mar di gewigte van diskapeis ver ons byna ongelooflik, veral daar di meeste nog onder 'n jaar oud is. As 'n mens egter siet hoe breed en lang en diep van lyf di goed is, hoewel hulle ni heel hoog is ni, dan kan jy dit verstaan. Daar was een skaap, van Meneer John Pears, Lincoln, 3 jaar oud, wat 1088 pond weeg; en 'n ander van Meneer Herbert Mackinder, oek van Lincoln, en oek 3 jaar oud, wat 1043 pond weeg. Mar dis nou oue skape, dog nou 'n paar jonge goed, van 22 maande: Ken van Meneer Alfred Morisson weeg 958 pond, en een van Meneer Albert Brassey weeg 934. En nou nog jonger goetjies, van onder 'n jaar. So was daar een skaap van Meneer William Newton, uit Berks, 10 maande en 2 weke oud, wat 830 pond weeg; 'n Ander van Sir Edward Hulse, Salisbury, van 9 maande en 3 weke oud, wat 668 pond weeg; en een van Meneer Charles Chappell, Herts, van 8 maande en 2 weke en 3 dage oud, wat 580 pond weeg.

Hieruit kan di leser enigins 'n denkbeeld vorm van di grootste van di skape, mar dan moet hy nog daarby bedenk di pragtig mooie wol, van verskillende soorte, waarme hulle bekleed is.

Ons het ni tyd gehad om di varkens te gaan sien ni, want terwyl ons daar rondloop om nog di landbou-masineri, groentias, ons te bekyk, kryg ons 'n telegram van Meneer Esselen, oue Sekretaris, wat tuis gebly is, (in di Tentoonstelling is 'n Telegraaf-kantoor oek), dat daar juis 'n belangrike brief van Lord Derby angekom was, wat dadelik onse andag vereis.

Daar was Ve van di hoogste mense in Engeland. Van di Koningin was daar 8 Beeste en 2 Skape, en van di Kroonprins 10 Beeste en 3 Skape. Hulle het pryse getrek oek.

Dit was di tweede dag nadat dit geopen is, toen ons daar was, en dit was stampend vol. Selfs di straat is 'n hele omtrek ingetrap met mense, en 'n menigte kleine vertonings is daar rondom in arder gebouwe, met grote afftekenings daarvoor, en 'n party kerels wat mense werwe en inroep, om te kom kyk ver 'n oulap of 2 oulap. In 'n paar het ons ingegaan, een om 'n harige mens te gaan kyk, en een om 'n paar grote jonge dames te gaan sien, 'n tweling.

Want hulle vertoon mes hier in di land mense soos diere. So het ons gesien 'n vertoning van *two Reuse en two Dwergs*.

Di twee rousagtige jonge dames is Margaret en Elizabeth Wallace, 'n tweling, van Scotse afkoms, mar in Canada gebore. Hulle ouers is in 1845 na Amerika gegaan; hulle 2 is gebore in New Londen, op 23 Sept. 1858, en is dus nou 25 jaar oud. Hulle vader was 'n kleine man, van 5 voet 2 duim

hoog, en mar 109 pond swaar. Hulle moeder was 5 voet 7 duim hoog, en het op verskillende tye geweeg van 195 tot 252 pond.

Miss Elizabeth is 5 voet 9 duim hoog, haar maat om haar skouers is 9 voet, en om haar lyf 8 voet; sy weeg 641 pond. Miss Margeret is 5 voet 5 duim hoog, 8 voet om haar skouers en 7 voet om haar lyf, en sy weeg 537 pond. Dis di moeite werd om so'n tweling jonge dames te sien, origens mooi gevormd, gesond en bloeiend van voorkem, vry en gemaklik in beweging, beskaafd van maniere, en net gekleed.

En nou van di twee reuse-dames na twee dwergies, naby ons Hotel, in Piccadilly. Dis 'n meisie en 'n jongetji. Hy is 19 jaar oud, 2 voet 6 duim hoog, en weeg 9 pond. Sy is 18 jaar oud, 2 voet 4 duim hoog, en weeg 7 pond. Hulle ouwers (hulle is ni broer en suster ni), is mense van middelmatige grootte. Hulle twee is origens wel gevormd, netjies gekleed, goed opgevoed, en praat 4 tale. Hulle is seer beleefd as jy met hulle praat. Dit lyk of hulle twee veul van makkaar hou; hulle stap gearmd, en is ewe lief met makkaar. Hulle stemmetjies is mar fyn, hoewel ek het hom gevraag om "DIE WACHT AM RHEIN" te sing, en hy sing dit mooi.

Mar nou genoeg van di Tentoonstellings. Ek moet nou weer wat anders vertel, want ek moet mar so hier en daar nitpik, anders kom ek ni klaar ni.

'n *Uitstappi* van 2 dage na *Birmingham*, een van di fabriekstede van Engeland, was ver ons oek van veul belang. As 'n mens jare lang dinge gebruik het wat jy "Birmingham" op siet staan, dan is dit mooi om een keer te gaan kyk hoe di dinge gemaak word. Uitgenodig deur Meneer Kynoch, di bestuurder van di grootste fabriek van Rifles en Patrone, het ons so heen gegaan. Ons is daar seer vriendelik ontvang. Ons meeste tyd het ons beste om te bekyk hoe 'n Rife gemaak word van begin tot end, en so oek met Patrone. En dit kan ek mar sê, ek het nooit gedenk dat daar soveul mense en masinerie toe gebruik word. Ver di Patrone alleen het hulle masinerie ver 'n £500,000, en 'n 5000 mense, om dit behoortlik te bewerk; mar dan kan hulle oek enige miljoene patrone per week lewer. Van di Rifles het ons oek net alles gesien; hoe hulle di lope sme, uitboer, kleur, ens., so oek di houtwerk, slotte, ens. Mar dis opmerklik hoe elkeen net syn stukki werk het, en by syn stukki masinerie staat of sit, en so regelmatig gaat di werk, as jy so'n ruk op hulle hande staat te kyk, dan lyk dit of hulle 'n stuk van die masien self is. Ja, hulle kom hier in Engeland op ver di Kaffers, dat hulle dit by ons so swaar het; mar ek vraag an myn maters daar

in di fabriek, as ons Kauffers so moet werk, hoelang hulle dit sal uithou, en algemeen was di antwoord: "Hulle loop di eerste nag weg." En dan is di meeste wat daar werk jonge meisies en vrouens. Ek bejammer di arme goed, wat daar van soggens 7 uur tot saans 9 uur so moet werk; party moeders wat hulle kinders tuis moet laat. Soos Meneer Kynoch may nog seg:—So vele kinders sterf jonk in Birmingham, om di verwaarlosing, omdat di moeders heel dag uit is.

En tog was dit myn so mooi, dat ek ni kon help, om onder di gedreun van di Masineri, terwyl alle hande oek soos masines gaat, an myn vriend Esselen te sê: "En tog is dit nog *mense* wat hier werk; Kyk daar di prente an di pilare en mure opgeplak, hier 'n minneprent, daar 'n grappige voorstelling, ens. Ja, 'n mens blyf tog mar lank 'n mens, so gou kan jy haar ni verneder benede di menselikeid ni."

Daar was nog 'n menigte uitnodiginge om andere fabriek in Birmingham te gaan kyk, (en hier in Londen kryg ons nog gedurig uitnodiginge, en oek na andere plekke, nou hulle in di koerante gesien het dat ons na Birmingham was), mar ons tyd liet ons ni toe meer te gaan kyk ni. Di tweede dag aand wou ons al terugkeer na Londen, mar ons gastheer dring an, ons moes mar di aand nog bly, en di eienaar van 'n nuwe Theater kwam ons vriendelik nooi om di aand di voorstelling te kom kyk van 'n mooie Tooneelstuk:—"Di Wandelende Jood;" hy bood ons di beste plase an. Terwyl ons egter genoegelik na di stuk sit te kyk, kwam daar alweer 'n telegram van Londen, dat daar 'n brief van Lord Derby gekom is wat onse andag vereis. Di vollende oggend moes ons dus alweer terug. En dis mar molik goed oek dat ons gou terug gekom is, want toen ons in Londen aankom, sag ons al in party koerante:—"Di Transvaalse Deputasie hou hulle ewe vriendelik en welwillend met Lord Derby, mar intussen gaat hulle gewoens en ammunusi kyk in Birmingham."

Ek praat so ewe van andere uitnodiginge wat ons ontvang het. Almal sal ons seker ni kan anveem ni, mar 3 soorte van werke hoop ons nog te gaan kyk, in belang oek van ons land. Een is na 'n paar kruitfabriek, een na 'n paar fabriek van Landbouwgereedschappe, en een na 'n wonderlike uitvinding, dis waar hulle papier maak ver dake en mure van huise. Veral di laaste lyk ver myn belangrik. Di firma het ons monsters en beskrywings gestuur. En wat ligtheid en goedkoopheid angaat, kan nix anders daarme wedywer ni. Veral ver onse Diamandvelde en Goudvelde, denk ek, sal dit di beste bouwstof wees.

Di leser weet al seker dat hulle teenswoordig amper alles van papier maak. Papiere huismenbels, papiere stewels, tot

raais ver spoorwege van papier. Mar ver huise is dit nou di eerste firma hier. Di papier word vereers dik gemaak, en dan deurtrek met 'n soort olie, sodat dit waterdig is. Di gebouwe van di firma staat al 7 jaar, en mankeer nog nix. Di gebouwe ver di Visserij-Tentoonstelling, waarvan ek netnou vertel het, is oek gedeeltelik daarvan gemaak.

Om di leser 'n denkbeeld te ge hoe goedkoop hulle hiervan 'n huis kan maak, geef ek as 'n voorbeeld, dat di firma by di Kristalle Paleis 'n gebouwe gemaak het ver 'n Tentoonstelling van pluimvee, van 16 voet by 7 voet, ver £11 11s.

Wat dit veral in ons land anbeveel is dat dit so lig is om te vervoer na di binneland. Byv. 100 vierkante voet ysterplate weeg 168 pond, en 100 do. van di papier weeg mar 16 pond. Of anders geseg, een ton ysterplate bedek 2,170 vierkante voete, en 1 ton van di papier bedek 13,500 vierkante voete. Dan kan natuurlik di timmerasi en alles oek ligter en goedkoper wees.

Dat hulle oek grote gebouwe daarvan kan maak, toon di gebouwe van di Visserij-Tentoonstelling, waar di dake van sommige afdelings was 100 voet by 50.

Di pryse is oek goedkoop. Hulle verkoop dit in rolle van 3½ tot 5 voet breed, en van verskillende dikte, ver 1½d. tot 3s. per yard.

Ek hoop di saak nog verder te ondersoek, en nader daaroor te skrywe, veral di *duurzaamheid* daarvan. Mar, soos ek geseg het, ver di tydelike woninge op onse Goud- en Diamantvelde sal dit seker beantwoorde. En ek denk, 'n ondernemende koopman kan gerus di proef neem, en 'n order stuur na di "Patent Waterproof Paper & Canvas Co., Canal Works, Willesden Junction, London. N.W."

* * * *

Nou het ek julle di slag wat vertel van wat ons hier gesien het, met betrekking tot Landbouwe en Industri in Engeland. Hier skemer al so wat ligstraaltjies deur di skaduwe. Vollende mal hoop ek sowat van di vermakelikhede van Londen te vertel, en dan oek nog van di Godsdienstige Bewegings hier.

Mar di onderwerpe waaroor onse bevindings, wat ek nou vertel het, loop, geef my anleiding om in verband hiermee nog 'n paar straattoneeltjies te vertel. Want di volkslewe in di grote stede, veral in Londen, kan jy di beste op di straat leer ken.

Nou dan vereers 'n korte kennismaking met 'n *kleine Vuurhoutjies-verkopertji*. 'n Viind van ons gaat nou een aand hier nit Albemarle Hotel van ons af, en hy ontmoet so 'n kleintji. Want dis algemeen hier in Londen, di kleintjies wat op di strate staan om vuurhoutjies te verkoop. Di

kleintjie vraag hom, en hy koop 'n dosie, en steek toen 'n sigaret an. Daarop vraag di jonge hom (op Engels), om ver hom oek 'n sigaret te ge. Hy antwoord in Duits, en dadelik was di kleintji klaar, en praat oek Duits. Hy praat toen Frans, mar di kleintji praat Frans oek.

Hy merk dat dit 'n heel aardige jonge was, en geef hom 'n sigaret, en loop toen verder met hom te praat. Toen merk hy dat di kleine jonge van omtrent 12 of 13 jaar, 4 tale praat. Engels, Duits, Frans en Italiaans. Onse vrind vraag hom toen hoe hy di tale geleer het. En toen vertel hy so in kort syn lewensloop.

Hy is in di "Seven Dials", een van di laaste buurtes in Londen, gebore. Nog jong het syn moeder hom in diens gege by 'n Duitse meneer. Di het hom na Duitsland geneem, waar hy 18 maande gebly het. Deur harde behandeling het hy weggeloop, en is toen in Milan (Italië), uitgekóm, daar het hy 2 jaar gebly, en so Italiaans geleer. Daarvandaan is hy na Parys gegaan, waar hy oek ruim 2 jaar gewoon het. So het di arme jonge al jare lank syn eie pad moet soek in di wye wereld.

En nou wat van syn teenwoordige besigheid. 'n Mens sou denk, hoe kan so'n jonge lewe van vuurhoutjies verkoop, want hy moet dit tog self oak koop, en wat kan nou syn profyt wees? Maar hoor nou hier di verdere gesprek:—

Onse Vrind:—En hoeveel profyt het jy nou vandag gemaak?

Di Jonge:—13s. 6d.

Vrind:—En wat maak jy nou met di geld?

Jonge:—3s. ge ek ver myn moeder ver myn kos en klere; 3s. set ek in di Spaarbank, en met di orige 7s. 6d. set ek myn besigheid morre vort.

Vrind:—Mar koop jy dan ver 7s. 6d. vuurhoutjies meteens?

Jonge:—Ne, mar ek het nog twe andere jonge vrindjies wat ek help, en wat weer ver myn help as dit sleg gaat.

Vrind:—Mar hoe kryg jy dit reg om soveul te maak op een dag?

Jonge:—Eers het ek in di City (di besigheidsdeel van Londen) geperbeer, maar daar kon ek ni soveul maak ni. Mar hier by di Piccadilly Swells maak ek lekker geld. Ek gaat saans so by di Theaters en Musiekhalle. As di grote menere dan hulle sigaar wil ansteek, dan is ek gou by, en presenteer 'n dosi vuurhoutjies an. Kopergeld draag hulle gewoonlik ni by hulle ni, dis te laag. Dan geef hulle my 'n silwer trippens of six-

pens, en dan seg ek mar, ek het gen kleingeld ni. Nou, dan lat hulle my dit mar hou, en so verdien ek lekker geld.

Nou di stori mag op sig self laf en onbetekenend wees mar dit geef ons 'n insig in di lewe van so'n grote stad.

En dit breng my op 'n andere bevinding. Dis vandag Krismis, tarwyl ek di stilte van besigheid waarneem om di stuk te skrywe. Mar gister het ek so'n bitjie deur di strate geleop, want al di winkels was pragtig opgesier met Krismiskaartjies en ander Krismis persente. Nou het ek gen sakboekie geneem om op te teken wat ek al so hier en daar gesien het ni. Molik doet ek dit later nog, om myn mar so weg te goi ver enige ure in di maalstroom, en dan net wat werk om waar te neem en an te teken. En ek denk dit sal nog di beste indruk ge van Londen.

Mar wat ek nou van gister syn ondervindings wil medeel, is net di *Penni-koopies* wat ek gemaak het. In di omtrek van di St. Paulus Kerk, in di digte stroom van mense, staan oerals verkopers op di straat, met so'n bakki of mantjie voor di bors, wat met 'n touwtjie om hulle nek hang, en di meeste artikels wat hulle uitvyl kos 'n stuiwer of 'n oulap (ld.). Ek dag toen: wag ek sal enige koopies maak en dit an myn vriende medeel.

Daar leg hulle voor my. Denk 'n kastige goue orlosi, met gone ketting, een oulap!—Verbeel jou 'n half dosyn vlagge van di vernaamste nasies, een oulap!—'n Mooi hoorn messi, met 2 messies, een oulap!—Begrup, 'n pen en potlood, en gomlastiek-nitveger, mooi in een, een oulap!—'n Verfdosie, met 24 soorte verf, 'n kwassi, ens, een oulap!—'n Dosi met skaaltji, gewiggies, ens., ver een oulap!—Mooi boekies, mooi poppies, ens., alles een oulap di stuk!—Ag, as baing van ons Afrikaanse kinders tog hier was, wat sou hulle ver hulle oulappes mooie dinge kon koop! Mar denk nou an di duisende kindertjies in Londen wat dit alles dageliks moet ansien, sonder ooit 'n oulap in hulle besit te hê om 'n stukki speelgoed te koop ni;—an al di dogtertjies wat nog nooit 'n pop kon sus ni, en an al di seuntjies wat nog nooit 'n tol of albasters had om me te speel ni. En om dit dan te moet ansien, hoe di ryke sig baai in weelde en wellus!—Ouers en kinders in Suid-Afrika, denk an di lig en skaduw van Londen, en dank God ver onse gesegende middelmatige toestand.

V.—LONDEN.

[PUBLIEKE VERMAKELIKHEDE.—DI NUWE ALHAMBRA-SKOUWBURG.—'N NUWERWETSE OPERA, MET GOEJE EN BOSE GEESTE].

Waarde Vrinde!

Londen het, na ek meen, meer Theaters, Skouwburge, Concertsale, Musiekhalle, en andere plase van vermaak, as dage in di jare. Party van di gebouwe is seer groot, en kan 6,000 tot 7,000 persone plaas ge. So te sê al saade is in elkeen van di voorstellings en opvoerings, en almal is vol. Daar word dan oek gedurig nuwe plekke geopen. My is verteld, dat nou juis 7 à 8 nuwe Skouwburge gebou word.

Di vermakelikhede is natuurlik van verskillende aard. Jy kan in di Aquarium gaan rondloop ver ls. toegang, en 'n soort van promenade konsert bywoon, met musiek, koorddansery, ens. Of jy kan in di Paviljoen of andere Musiekhall gaan sit en rook en 'n glasi drink, en allerhande liedjes hoor sing, of stukgies sien opvoer. Of jy kan 'n Komedi of Opera ingaan, en 'n mooi Toneelstuk sien opvoer. Di keuse is ruim, di vermake verskillend, na elk syn smaak.

Heel veel gebruik het ons ni gemaak van di plase van vermakelikhede ni. Mar ons het tog genoeg daarvan gesien om julle een en ander te kan meddel. Ditmal sal ek my bepaal tot een Opera. Later geef ek molik enige verdere mededeling van andere vermake.

Nuwejaarsnaand het ons, moneer Esselen en ek, in di hernuwe Alhambra-skouwburg di nuwerwetse Opera: "*Dé goue Ring*" gaan sien. Veer enige tyd is di Alhambra afgebrand, en nou weer opgebouw, op di nuwste manier, en met al di nuwste gemakke en verbeteringe. Juis om an di lesers 'n idê te ge van di nuwerwetse toneel en opera, het ons di Alhambra gekies.

Dis 'n verskrikkelik groot gebou, enigzins na Oosterse styl, mar ni met heel veel smaak. Van buite en binne 'n bietjie te bont geskilder, saans van buite verlig met glase van allerlei kleure.

Di gebou is seer ruim van binne, en kan vollens skatting goed 'n 6000 of 7000 persone plaas ge. An di een kant is di toneel, waar di spelers op speel. Vlak voor, onder di toneel,

sit di orkest of bende, wat tussen di verskillende bedrywe speel. Verder is di gebou omtrent langwerpig rond, waar ni alleen di platte grond onder vol sit ni, mar bo hulle loop nog 4 galerye, byna rondom, wat almal vol toeskouwers sit en staan. Jy kan plase kry van 2s. tot 10s di stuk.

Kwart voor 7 gaat di deure ope, en kwart voor 8 begin di opvoering. Di stori van di stuk, di "Gone Ring", is korteliks dit: Di gone Ring behoort an di "Witte Koningin", di hoof van di "Fairies" of goeje geeste, en as 'n sterfeling di Ring in syn besit het, dan is di Witte Koningin verplig om di besitter te help verkry wat hy begeer.

Mar an di ander kant is daar bese geeste, onder di "Roje Koningin". 'n Ander Koning van bese geeste het di Roje Koningin eers in 'n verskriklike gedaante verander, en het haar toen weer haar ons vorm van 'n mooie maagd goeje, op kondisi dat sy binnen 'n jaar 'n mooie prinses, wat op 'n naburige eiland woon, sal vang, en an di bese Koning owerlewer. Dit wil sy nou doen. Mar lat ons di spel self volg.

Soos di gordyn opgaat, word di ligte afgedraai, en 'n mens het voor jou 'n nagtelike toneel, op 'n rotsagtige en spelonkerige berg. Hier verskyn di hoof van di bese geeste, en roep syn helse maters by maak. Hulle versamel in di vreselikste gedaantes, terwyl 'n roje glans hulle bestraal, om di Roje Koningin verskyn, 'n maagd in rood gewaad.

Kort daarna kom daar 'n Prins in, Cleon genaamd, wat graag Koning wil worde o'er 'n Ryk van 'n Koning wat op reis is, namelik Floriaan, en hy kom di hulp van di Roje Koningin en haar bese geeste daartoe inroep. Di hulp word hom toegeseg, mits hy besweer dat hy dan di boubedoeside Princes an di Roje Koningin sal o'erlewer. Hy leg di eed af en doet di belofte. Daarop geef di Roje Koningin an haar toweresse bevel om di Princes slapende daarheen te bring, om daar heel nag in di maanlig te leg en betower te worde.

Ni lang daarna, terwyl di bese geeste nog hulle helse mars dans, draag di toweresse di slapende Princes op 'n bed in. Di Roje Koningin betower haar, en di bese geest verdwyn op haar wenke, met haar vurige scepter.

Terwyl di Princes daar eensaam leg te slaap in di maanskyn, kom di reisende jonge Koning, Floriaan, wat in di berge verdwaal was, daar verby,—siet haar,—en word verhef op haar. Di toneel is reg indrukwekkend. Hy sing eers, en an di end word sy wakker, en dan sing sy weer. Ons vertaal hier op ons manier di

D U E T.

FLORIAAN. (Siende di slapende Princes).

Dit is gen mens van vlees en bloed,

Mar uit di lug gedaal;

Ver aardse min is sy te rein,

Di Engel, hier verdwaal.

Een goddelike gesig is dit,

Waarin ik my verby;

O, wred* dagh, breek ni an,

Skeur ni myn droom van my!

DI PRINCES. (By di ontwake).

Ek slaap, ek droom, o Ridder lief,

Wiens oge op my sien,

O, Mog ek as ek wakker word,
 Jou angesig weer sien.
 O Edle Ridder, godlik skoon,
 Wiens droombeeld my verbly;—
 O, Wrede daglig, breek ni an;
 Skeur ni myn droom van my.

Daarop val di twee makkaar in di arme. Nou storm di bese geeste in,—ruk hulle van makkaar,—en wou net di Prins in 'n vurige grot werp, toen di Witte Koningin uit di grond oprys, van bowe met helder lig bestraald. Sy verlos di Prins, verdryf di bese geeste, en lat di Princes, wat intussen weer op haar bed in slaap geval is deur haar Nymfe, wat gekleede maagde, na di Paleis terug dra, en verklaar toen dat di gesig ver di twee jonge minnaars verder sal wees as 'n droom.

Nou verander di toneel. Dis morge. Di toneel is 'n landskap voor di Paleis van di Princes haar vader, waar 'n trop herders en herderinne vrolik sing en dans. Hy word voorgestel as 'n oue skurk, wat net ver sy genot leef. Dan het hy 'n oue dikke laspos van 'n vrou. Hy wou nou ver 'n tyd van huis gaan, en syn oue dokter raai hom an om 'n reis te gaan doen ver syn gesondheid, mar syn vrou moet by di huis bly. Mar hoe nou al di tyd met syn vrou en syn dogter en syn ryk gemaak? Planne genoeg. Hy lat ankondig dat hy ver syn dogter sal lat veg. Di dapperste krygsman sal haar kry, op kondisi, dat hy gedurende di Koning syn afwesigheid di ryk sal bestuur, en di Princes sal bewaak.

Di veeplek en tyd word bepaal, en de kampvegters uitgeroepe. Net één verskyn, dis Cleon, di Prins wat in bondgenootskap is met di Roje Koningin en di bese geeste. Hy kom, voorgesel van syu klomp bese geeste, in Ridders verander.

Nimand anders verskyn ni, en di Koning wou net syn dogter an hom o'erge, toen Floriaan, di ander Koning, wat di Ring het van di Witte Koningin, en wat di Princes op di berg gesien het, inkom met syn Ridders. Hulle veg—Floriaan win—Nou kom di Princes, en haar vader geeff haar aan Floriaan. Mar sy herken hom ni in syn wapenrusting ni. Haar gedagte is nog vol van di gesig wat sy op di berg gesien het,—ou dis ni di man ni. Sy val voor di Ridder neer, en smoeek om haar tog te verskoon. Di toneel is weer seer indrukwekkend. Reg, soos di kleene meisie dit sing, en op haar knie'e val, en syn hande soen,—dis ni om te hou ni. Ek vertaal hier haar lied:—

P R I N C E S.

(Floriaan, wat haar met di swaard uitgevog het, ni herkenkende, en knielend hem smekende om haar hand ni te 'euis' ni).

O Ridder, vreesd, voor wi ek kniel,
 Myn hart van smart bevoege,
 Jy kan 'n meisie verstout
 Met heet betruande oge
 Eis ni di prys des swaards!—Ne nooit!
 Geu held soek maagde-maate.
 Uw roemryk skild word nooit beplek
 Met tanno van myn smarte.

Nou leg Floriaan syn wapenrusting af; di Princes herken hom en val in syn arme. Di Koning en syn stoet vertrek, en di Witte Koningin verskyn en sing di vollende pragtige lied:—

DI STER DER LIEFDE.

(DEUR DI WITTE KONINGIN).

Hier in di donkre aardse dal,
 Waar moede pelgrims dwaal,
 Blink één ster deur di wolke heen,
 Wat iders pad bestraal.
 Wi op di ruwe wêreld-se
 Di veilge kus wil haal,
 Moet deur elk storm syn skip steeds stuur,
 Net na di ster syn straal.

O Liefdoster, o Hemelster!
 O schonste straal van 's Hemels trans!
 Ver sterveling neergedaal,
 Skyn vort; bestraal ons met uw glans!

O Morgester, wat onse jeug
 Tot heilge vreugde wek!
 O Avondster, wat de ouderdom
 Met silwre strale dek!
 Wanneer di vreugdason verdwyn,
 En awondskaduws nederdaal,
 Verlig di Liefdester ons nog
 Met menig blyde straal.

O Liefdester, o Hemelster!
 Ens. Ens. Ens.

Di oue Koning gaat op reis,—neem syn genot,—en skryf mar mooi briewe an di oue Koningin. Floriaan, wat nou di Princes moet bewaak, kryg intussen tyding van syn land, dat di slegte Prins, wat in verbond is met di bose geeste, syn troon beklim het en syn onderdane verdruk.

Nou wil hy weg, mar hy het syn woord gegee om di oue Koning syn dogter en syn ryk op te pas, tot hy terug kom. Hy roep nou di hulp van di Witte Koningin in. Sy stel voor, dat Floriaan met di Koningin en di Princes di oue Koning moet gaan opsoek in Engeland, sodat hy Floriaan van syn belofte kan ontslaan. Om di oue Koningin saam te kry, lat hulle haar, deur di Witte Koningin haar towerstaf in 'n gesig sien hoe di oue Koning "flirt" met di dames in Londen.

Sodra sy dit siet, wil sy weg, en di Witte Koningin bring hulle met 'n "Fairy-boot" na Londen. Nou word ons verplaas op di Vissery-Tentoonstelling. Di mense loop rond, en 'n Koor van Vissers van alle nasies sing:—

VISSERSLIED.

Ons, dappre seuns en dogters
 Van kuste an elk land,
 Op vele woeste watre,
 An menig rotsig strand;
 Ons dryf in veul gevare
 Ons nering op di bare,
 Ons, dappre seuns en dogters
 Van kuste an elk land.

Daarop kom Floriaan en di Princes in, oek nes vissers gekleed, en di Princes sing:—

VISSERS MINNELIED.

(DEUR DI PRINCES GESONGE).

Mooiste meis van di land,
Eensaam staat sy op di strand,
Sy kyk met haar blouwe ogies na di ver verskiet;
Sy kyk telkens ongerns,
Waar di lug di bare kus,
Tot haar oog 'n witte seil deur newels blinke siet.
Har er klop haar hart elk uur,
Nou di bootman landwaarts stuur;
Skippi rys en skippi daal, en kyk mar ewe stip;
Nader kom haar hartelus;
Gou sal sy haar minnaar kus,
Sonder omge ver di se-sout op syn harde lip.
'n Jongman op di golwe vêr,
Stuur syn skip na grondse ster,
Tartend wind en golwe in meng donkro winternag.
Lat di ruwe storme woed,
Hy blyf altyd welgemoed,
Want hy denk hoe sy verlangend uitsiend na hom wag.
Al syn sorge is verdwyn,
Nou di lghuus-glans verskyn,
O'er di bare vlieg syn gees veul gouwer as di skip.
Daar siet hy syn meis staan,
Wat haar arme om hom slaan,
En sy denk ni om di se-sout op syn harde lip.

Di oue Koningin siet nou eens al di oue Koning syn strekies af, en maak haar toen openbaar, en haal hom o'er om huistoe te gaan. Maar daar is gevaar. Di Witte Koningin jaag hulle an. Om 12 ure in di nag verlaat haar mag haar, en dan tot dagbreek is di bose geeste sterker. Hu le draai te lank. Dit slaat 12 uur;—di Roje Koningin is nou di sterkste,—bose geeste rak Floreana weg; Ariman, di hoof van di bose geeste, ruk di Geue Ring uit syn vinger;—di bose geeste, as se-rowers gekleed neem di boot in besit,—hys di roje vlag, en dryf di boot na di Eiland van Storme, waar dit moet strand. Di gordyn val, terwyl di boot wegseil met di roje vlag.

Nou di gordyn weer opgaat siet ons di boot in di ope se, in 'n woedende storm. Di bose geeste is in hulle glori, en di arme Koninklike familie in doodsangs

Di vollende toneel is op di Storm-Eiland. Ariman verskyn en roep syn bose geeste op om hulle mag te openbaar, en di boot te lat strand. Hier het hulle nou di verskraklike Storm-Dans. Dis nag. Jy siet di wolke al digter verby trek. Nu en dan skyn di maan effentjies deur. Di bome siet jy waai op di eiland. 'n Vreselike donderstern breek los. Indrukwekkend is di bliksemstrale, in di mees verskillende vorme, so natuurlik molik, weerkaatsende op di blouwe se-bare. Onder di yselike woede van di elemente dans di bose geeste, in akelike gedaantes, in woeste wanorde op di toneel. Daar kom di boot in gesig, dobberende, klaar om elk ogenblik te sink in di bare, of te strand op di rotsagtige kus van di Eiland.

Daar kom op eens di gees van lig; di son breek deur; en di Witte Koningin rad di Princes en haar medgeselle. Di Witte Koningin spring af van di boot; jy siet haar loop op di golwe, wat langsaam wegsak en

stil word onder haar voete, terwyl di boot verby gaat uit gesig. In d' pragtige sonneskyn dans nou di geeste van lig, as dames in wit gekleed di pragtige Sonneskyn Ballet.

As di gordyn weer opgevat siet ons di one Koning en Koningin, met di Princes en di one Dokter en Lyfmeisi van di Koningin, op di eensame eiland, te vergeefs wagtende op 'n skip. Een dag hoor di Princes 'n vreemde geluid onder di grond. Di Koning graaf en vind 'n tunnel, wat onder di eiland deurloop, waardeur net 'n trein gaat. Di gaurd merk hulle, stop di trein en seg dat di trein gaat na Floriaan syn Koninkryk. Hulle gaat met di trein me om te sien of Floriaan al eor terug is in syn Ryk — Floriaan was intussen, na vele lotgevallen, in syn land teruggekeerd. Daar hoor hy hoe wree Cleon, di man wat deur di mag van di borse geste, syn Ryk in besit gekry het, syn volk mishandel. Hy maak sig bekend an syn volk as hulle wars Koning, en roep hulle op om hem te volg na di Paleis, om sy gessag te herneem. Hulle volg hom, en roep uit: "Leve Floriaan!" Cleon kom uit, en roep syn soldate op om di obelle terug te dryf. Hulle bied weerstand, en Cleon denk nou an di Goue Ring, en roep di Witte Koningin op om hom te help. Soos sy verskyn roep Floriaan haar toe, dat sy hom moet help, mar sy seg: "Ne, di besitter van di Ring moet ek help." Sy swaai toen haar skepte, en betower di volk wat met Floriaan is. Daar staat hy alleen.—Di soldate gryp hom.—Hy roep: "Is daar nemand om my te help ni?" Di Witte Koningin seg: "Ne, jy het di Ring verloor. Cleon is nou myn heer en meester. Ek is ver jou verlore." Daarop sink sy weg in di aarde. Cleon geef nou oider om Floriaan in di diepste tronk te goi.

Daarop kom Ariman, di borse gees, in, en sleep di Princes op toneel, as 'n spioen van di vyand. Cleon en Floriaan roep albei uit: "Di di Princes." Hy smeek: "Laat my nit genade heengaan!" Ariman seg daarop an Cleon: "Bewaer haar ver my tot middernag; myn meesteres (di Roje Koningin) sal mag ge o'er haa." Floriaan ruk los nit di soldate, en di Princes val in syn arme. 'n Andouhiko toneel tussen di twe volg nou, tot hulle naderhand van mekaar los geruk word, om afsonderlik in di tronk opgesluit te worde.

Cleon wil nou di Princes dwinng om neg di nag met hom te trou, anders maak hy haar met haar vader en moeder dood.

Mar in di nag maak di volk 'n sameeswering om hulle ware Koning te verlos, en di dwinngeland af te set, onder leiding van Floriaan syn lyfjong. Hulle weet om di Goue Ring in di hande te kry met 'n lia, en maak toe 'n plan, met behulp van di Witte Koningin.

Di Princes bewillig kasta om dan mar liwers met Cleon te trou, as onthoof te worde. Alles word rog gemaak voor di huweliksfees. Mar in pl as van di Princes word di Roje Koningin as bruid ingebrenng, onder 'n witte weel. Cleon is in ene glori met sya bruid. Floriaan kom in en siet met smart dat wat hy denk syn Princes te wees, haar hand an Cleon gege het. Hy wil haar losskeur, mar Cleon roep syn soldate om Floriaan te pak.

Nou verskyn di Witte Koningin, en di regte Princes kom in en val in di arme van Floriaan. Di Roje Koningin gooi haar weel af, en di roje glans bestraal haar weer. Sy pak Cleon nou en seg: "Vollens jou eed eis ek jou op met liggaam en siel." Daarop sink sy met hom weg in di aarde. Al di soldate draai nou, en almal roep: "Leve Floriaan!"

Daarop eindig di stuk met di pragtige huweliksfees, waar erewag en feesjuffers, in eindelose opvolging op toneel kom en feesliedere sing en dans.

As di leser nou di pragtigste tonele sig voerstel, met al di verskeidenheid van afwisseling, wat ons mer in verbygaan kon anstip, dan het hy enigsins 'n denkbeeld van di stuk, en di indruk wat dit op 'n toeskouwer maak. Veral di musiek is pragtig.

LONDEN, 10 Januari 1884.

VI.—LONDEN.

[PANTOMIMES.—BETEKENIS VAN DI TONEEL VER EUROPA EN VER ONS.—WESTMINSTER ABDY.—MOET ONS OEK IN STANDBEELDE GLO?].

Waarde Vrinde!

Ek het gedag om julle nog meer te vertel van di Engelse Toneel. Mar daar is te veel andere dinge wat di andag vraag, om by een ding solank stil te staan.

Net nog mar 'n paar opmerkings. Dis nou di tyd van *Pantomimes* hier, sedert Krism's. Dit lyk of di oorspronke-like bedoeling van di soort van spele was om di skooljeng gedurende vakansi te vermaak. Mar natuurlik gaan duisende grote kinders oek daar na toe. (Want teenswoordig het jy mos baie grote kinders en kleine ou mensies).

Wel, ver di *Pantomimes* word gewoonlik een van di bekende kinder-vertelsels op toneel gevoer, soos Blauwbaard, Rooi Kappi, Cenderella, Robinson Crusoe, ens. En met di meeste vertoning word dit dan uitgevoer. Soos byv. Cenderella, wat ons in di Nationaal Amphitheatre gaan sien het; daar word goeje en bese geeste, nymphe en furies, olifante en kamele, kangeroos en krogansee, perde en esels, slange en slangebesweerdere; in een woord, al wat di wereld oplewer op di toneel gevoer. 'n Jagparty in volle gelop.—'n Resiment van wandelende eiers onder di Koning van Eierland.—'n Koor van torre of kewers.—Engele met vlerkies, en reuse met 3 koppe en 3 bene, en wat ni al?—

Mar lat di bisonderheede mar bly. Met betrekking tot di toneelspele hier het ek 2 opmerkings te maak.

Vereers di antal skouwburge neem dageliks toe, en sal binnen kort veel groter wees as di Kerke. Dan al dag (behalwe Sondag), word gespeul, en soms 2 mal per dag,—teen vry dure betaling,—en tog is almal vol, by party moet jy soms lank vooruit plaas bestel. Wat 'n mag word di toneel! **Veul**

groter as di priesterstoel ! Ten goede, as di stukke van goeje, of ten kwade, as dit van slegte aard is !

En dit lei myn tot 'n ander punt. In hoever behoort di opvoeders van onse nasi hulle andag te wy an di toneel, as werktuig van nasionale opvoeding en ankweking van nasionaliteit en sedelikheid. Hoeveul sou goeje historise toneelstukke kan doen om eerbied ver di voorgeslag an te kweek ?... En wag ons, sal di toneel dan oek ni in verkeerde hande kom ni ?

* * * *

En nou van pret tot erns. Ons gaat na

WESTMINSTER ABDY.

In di oue Gothise (vroeger Roomse, nou Engels-Episkopaalse) Klooster-Kerk, slaap Engelands grote manne van vroegere tye, onder pragtige graftombes en marmere gedenktekens, in digte menigte.

Ek sal ni 'n poging wage om di plegtige indrukke van di plek te skilder ni, waar, onder di sombere oue Kerkgewelwe, in gebroke skemerlig, alle musikale krag tot stof, en alle aardse heerlikheid tot as versmelt is, wagtende op di dag, wanneer net wat in di weegskaal van Gods Heiligdom ni te lig bevonde is ni, sal ontwaak tot hoger heerlykheid en blywende geluk. Di indrukke is pragtig beskrew, o.a. deur Prof. van Oosterzee, in Hollans, en deur Washington Irving, in Engels, waarheen ons di lesers liwers verwys.

Eén woord egter,—'n woord wat ek op di graf van di twe broeders John en Charles Wesly, gelees het,—is ver myn gemoed di teks gewees waarme ek di dode-gewelwe deurge-loop het :—

“ God buries His Workmen, but carries on His Work.”

(“ Di Heere begraaft Syn Werkliede, mar Syn Werk set Hy voort.”)

Ja, hier leg Koninge en Vorste,—Staatsmanne en Filantropie,—helde te land en te sé,—digters en geskiedskrywers,—manne van wetenskap en kuns ;—hier leg weldoeners, wat vele trane gedroog het, evangeliebodes wat vele di lewenspad angewys het, mar hier leg oek dwingelande, sogenaamde helde, wat wèl beskouwd, moordenaars op grote skaal was. Ja, hier leg hulle nou, stil en rustig, di aardse geweldhebbers, wat tot segen of tot straf was ver tienduizende, wat trane gedroog, en wat bloed vergiet het ; hier leg hulle met hulle planne en raadslage ! En wat kon hulle nitvoere buiten Gods wil ? Nix !... Hulle het perbeer om hulle eie eev

te verhoog; hier is hulle ere tot stof vergaan, mar Gods ere *moes* hulle verhoog. Hulle was almaal, hoewel op verskillende maniere, Gods dienare.—Hulle het planne beraam, in Kabinetsrade, of geheime beraadslagingen, of selfs in di binnekamer,—planne wat party half volvoerd is, en party geheel verydeld,—en terwyl hulle meende dat hulle hulle *eie* planne bedenk en volvoer, was hulle al di tyd *Gods dienare*, wat net kon denk en doen wat Hy toelaat. Op Syn wenk is hulle geworde, na Syn raad het hulle gehandel en gewandel, en op Syn woord is hulle tot stof teruggekeerd.

Ja, so begraaf di Here Syn werkliede,—hier leg 'n ganse heirleger,—mar *Syn werk set Hy vort*. Ni een word gemis ni. Di Almagtige is ni afhankelik van Syn werktuige wat Hy gebruik ni. Gen mens is onmisbaar ni.

Hoe vele van di grote en magtige, edele en ryke, slimme en geleerde, wat hier nou rus, werd ver “onmisbaar” gehou in hulle tyd. Daar slaap hulle nou en—word ni meer gemis. Di Albestuurder het andere werktuige, om Syn werk te doen en Syn wil te volbreng.

Waarlik, wi nog iets van sig self gedenk het, moet mar hier in Westminster Abdy 'n tydji stilstaan en nadenk... As in grote Wereldbestuurder di heirleger van “wyse, magtige de edele” manne en vrouwe kon begrawe sonder enige skade ver *Syn werk*,—ag, dan sal Hy my, worm, oek wel ni mis ni!... Ja, dan is dit my 'n ere dat Hy my wil gebruik, al was dit dan oek mar ver di geringste diens in Syn werk!... Mog ek dan mar getrou wees, tot Syn eer en heerlikheid!... Wel-dra sal Hy oek my in di stof des doods leg, tot di morgo der opstanding, of by syn toekoms myn sterfelijk liggaam met onsterfelijkheid andoen... Wat net ek dan gedaan in Syn diens?—Wat kan bly ver di ewigheid?—Ag, in di dag, as al onse werke deur vuur beproefd sal worde, hoe vele in ons oog kleine daade sal dan groot, en hoevele grote sal dan klein wees!... Ja, dan “zullen vele eersten de laatsten zyn, en vele laatsten de eersten.”

* * *

Dus nymmerende ging ek vort. Myn twe vrinde, Generaal Smit en Kloff, had ek vergete. Di menigte besoekers rondom my merk ek ni op ni. Ek kyk wel na al di marmer graf-tombes en lees wel di lofsprekende opskrifte, mar myn gedagte is daar ni by ni.

Toen ek reg by my zelwe kom, stond ek an die end van di lange kerk. Ek neem toen 'n oersig van di hele gebou; ek bekyk di ouwe geskilderde vensters; ek kyk na di steeds hoger rysende gewelwe; ek lat nogeens myn oge gaan o'er di witte marmer tombes, soos hulle in lange rye in di skemer-

lig allengs verdwyn. Eindelik siet ek onder di woelende besoekers myn twee vrinde, en ek keer tot di werklikheid terug. Ons ging op 'n stille plek staan, waar ek twee opmerkings maak, wat ek netsowel aa myn vrinds op 'n afstand oek kan medeel.

Eers wys ek hulle op di hele Gothise gebou; hoe di vensters en gewelwe en alles spitsoplopende na bowe wys. Daar is iets verheffends in 'n egte Gothise kerk. Di oue Gothe het in di bosse angebede, en di kerke wat hulle in di middel-euwe gebou het, nadat hulle tot di Gristendom bekeerd is, is wel beskouwd nix anders as 'n bos in steen, 'n woud, waar alles na di hemel wys.

Mar sulke kerke kan ons nou ni meer bou ni; dis 'n woud van gebouwe anmakaar. Ons kan ni eens di torens klaar maak, wat di oue mense onvoltooid gelaat het ni. Diselfde Abdy-kerk is di torenspits nog onvoltooid, en so van di meeste Domkerke van Europa.

En dis oek ni nodig om meer sulke kerke te bou ni. Dit was goed ver di Roomse erediens, met hulle altare en biegestoele, ens. Mar om in te preek is dit glad ondienstig.

Daerom spyt dit my om te sien dat vele gemeentes in ons land, (onder watter leiding?) met *grote* koste wil perbeer om *kleine* Gothise kerkies te bou. Wat is di gevolg? Vereers, hulle kry dit tog ni reg ni; dit lyk nes 'n pop-huisi ver imand wat di oue Gothise kerke gesien het. En dan is dit nog meesal bowedien ondienstig. Waarom ni liwers soos Spurgeon en andere verstandige manne van onse tyd 'n nette, doelmatige kerk gebou, ver ons gebruik geskik ni?...

Myn ander opmerking tot myn twee vrinde was, toen ons daar so stond, en di menigte van besoekers sien rondwandel: Kyk wat so'n Abdy nou doet om nasionaliteitsgevoel op te kweek en lewendig te hou.

Daar loop 'n vrou met 'n seuntjie van 8 of 9 jaar, en wys hom di grote maane van syn nasi, en vertel hom di heldedade van di voorgeslag. Di knaap kryg hier molik vandag 'n indruk wat hem lewelang byblyf, en in vele omstandighede moed en krag sal instort.

Hier wandel 'n jongeling (anders molik ydel en ligsinnig) met ontblote hoof, sedig en ernstig. Hy beskou di gedenktekens van manne wat uitgemunt het in di vak waartoe hy oek las en anleg gevoel. Molik vat hy nuwe moed en besluit om oek eens 'n waardige plaas in te neem onder di voor-manne van syn nasi.

Ginds leg enige jonge dames 'n pragtige bloemekraas, in plegtige eerbied, op di graf van Charles Dickens, di befoemde romanskrywer, wat al in Juny 1870 hier begrawe is,

en 13 jare kon di bloeme op syn graf ni lat verwelk ni. Ni minder as 5 bloemekrause, gedurig vernuud, leg hier nog op syn grafsteen. Denk julle dat gindse jongelinge wat dit ankyk Dickens ni hæng ni? En sal dit gen vuur en ywer in hulle opwek ni?

Myn vrinde, kort te vore had ons 'n aand 'n gesprek. 'n koerant-editeur hier in Londen het di aand by ons kom eet. Hy seg toen hy bepleit lou in di pers en hoop eersdags in di Parlement oek te bepleit di stelling dat Engeland gen ander belang het an Suid Afrika ni as 'n "coaling station" an di Kaap ver hulle skepe na Engel and.

Ek seg hom toen : as hy di politiek deurkryg, dan stant ek in dat ons hom 'n standbeeld sal onrig op watter plek van Suid Afrika hy verkies. Daarop sei Generaal Smit : "Ja, ons geloof ni in *standbeelde* ni ; maar daarvoor sal hy oek 'n halfkroon ge." 'n Lekker lag maakte 'n end hieran.

Mar wat denk julle, seg Generaal Smit toen ek hom in Westminster Abdy wys wat standbeelde doet ver nasionaliteit?

"Ne, mense, dit word tyd dat ons nou oek begin om di manne wat soveul ver ons gedaan, gestry en gely het in dankbare andenking te hou by di nageslag."

Daarop draai hy na myn toe en seg : "Meneer du Toit, jy moet my help hierin" Ek seg : "Ja en myn eerste hulp sal wees, dat ek ons gesprek hier sal medeel an ons vrinde in Suid Afrika. En as ons terug 'is sal ek enige poging bevorder wat strek om eerbied ver di voorgeslag in te prent by di jeug tot opkweking van nasionaliteitsgevoel."



VII.—ONSE ONTVANGS IN HOLLAND.

'N ANGFNAME VERMOEIFNIS —VELE EN OWERSTELPENDE IN-
Drukke.—'N EG NASIONALE ONTVANGS.—JONGE NEDER-
LAND BEGROET JONGE SUID AFRIKA.—GEESDRIF SONDER
BUITENSPORIGHEDE —DADE GEPAARD MET WOORDH.

Ver omtrent 'n maand lank het ons fees gevier in Holland. Ons het 'n segetog gemaak deur Nederland soos di thans lewende geslag ni gesien het ni.

Nauweliks was ons 'n paar dage in di pragtige hofstad, onder hartelike welkomsgroete en drukke feesvieringe, of di stroom van uitnodiginge kom so dik, dat onse dage geteld en onse ure gewoge was ver amper 'n maand vooruit, sodat ons verplig was om meteen te stop, en alle verdere uitnodiginge tot nadere beskikking te laat o'erlê, om eers tot werk te kom.

En dit was mar net 'n goeie plan oek —ni alleen ver onse *werk* ni, mar oek ver onse *persone*. Want ek kan julle verseker, ons was op laas al kapot. Of, soos di Generaal seg, "di oue nasi het ons laaste murg uitgehaal." Ja, ek het dit dikwils al baing druk gehad in myn lewe, mar nix het myn goit so uitgeput ni as dag na dag en nur na uur fees te vier, in di grootste drukte en opgewondenheid, ver omtrent 'n maand agtereen.

Ek het meer as eens gelag an di Sinoese gesant wat oek so feestelik ontvange werd, en wat op 'n goeie nag somar ontvlug, en al syn besigheid in di steek gelaat het.

Een troos had ons egter, en dit het ons gesterk: dit was 'n angeneame vermoenies, veroorsaak deur waaragtige belangstelling in di volk wat ons di eer het te verteenwoordig.

Dikwils het ek oek op di vraag, "of dit ni erg vermoeiend is ni," geantwoord met verwysing na di moeder wat op 'n vraag "of so 'n t-op kinders dan ni 'n las is ni," ten antwoord gaf: "Ja, kinders is 'n las, mar 'n *liefelike* las."

*Metteen nank ek nou 'n geweldige sprong. Ek had gedag om nog eers me r van di *log-sy* van Londen mede te deel. Dan wou ek nog eers 'n stuk geskrywe hê o'er ons besoek by di Afrikaanse studente an Edinburg. Dit moet ek nou mar ver later o'erlaat. Molik as o's op skip sit, met di terugreis na Afrika.

En wat ons dan in al di tyd wedervaar is?—ô Myn tyd, hoe sal ek julle dit nou vertel? Anstip is al wat ek kan doen.

In di maand tyd het ons dijlant deurgegaan van hoek tot kant;—is ons in di inderdaad skone hofstad op haar waardige hoffelike wyse verwelkom en met di verskillende autoriteite in kennis gestel;—het di grote hoofstad an di IJ ons op waarlik grootse wyse ontvang;—werd ons besoek op uiters geesdrifvolle manier gevier deur di wakkere Maasstad, tweede handelstad van Nederland;—kon ons onder hartelike feesgroete 'n hulde van ons volk bring an Neerlands bevryder deur in di oue historise Delft 'n verse bloemekrans te leg op di graf van di grote Swijger;—het dit ons hart goed gedaan om rondgeleid te worde deur di akademi-stede Leiden, Utrecht, Groningen, op eg joviale manier, soos studente en burgery verenigd dit weet te doen;—had di Kampenaars gelegenheid om te toon dat oek hulle an stamverwante 'n waardige ontvangs kan berei, sonder di spreekwoordelike Kamper-nië;—werd di lusoorde van Arnhem en Haarlem en Amersfoort ver ons ontslote;—en, *last not least*, kon di eersteling van ons Afrikaanse vryheid en di eersteling van di Nederlandse vryheid wederkerig elkaar hulde bring deur 'n besoek an di oue Geusestad, op di ewig nuwe "eerste April, toen Alva syn bril (Brielle) verloor het."

En wat het ons in di omgang ni al gesien en geuit en ondervonde ni! Syn HoogEd. onse Staatspresident is by Syn Majesteit di Koning ontvang;—di Deputasi het by Syn Hoogheid di Kroonprins gedineerd en 'n aangename aand daar deurgebring;—deur Ryksministers werd ons verwelkom en met Kamerlede in kennis gebring;—met Burgemeesters en Gemeenterade het ons op di stadshuise van Neerlands vernaamste Stede di eerewyn gedrink;—in grote Auditoriums of Senaatsale, tussen grote kringe van Hollands tereg beroemde professore, werd woorde van hulde en sympathie gewissel, waarby di warmte van di gevoel ver 'n wyle, selfs in Pallas howe, di nugtere logika van di hoofowermeesterde;—het dit ons hart goed gedaan om in di verskillende Studente-Sociëteite, binne di perke van welvoegelikheid, met Hollands edele Jongelingskap "Jool te vier;—kon ons inrigtings ver dows, blinde, onnosele, wese, kranke, ens. gaan sien;—kon ons kennis maak met Jongelingsverenigings en Sending-skole;—brandweer en landweer besien;—vergaderings bywoon van Emigratie- en Tentoonstellings-Kommissies, van Ned. Z. A. Vereniging, Handelsvereniging, ens.

Voeg hierby 'n stroom van briwe, telegramme, krante, ens. deur elke pos angevoer;—en daarby nog 'n toevloed van

Deputasies en Gesantskappe van verskillende verenigings, genootskappe, en korporasies, benewens partikuliere persone wat of ver eige of ver algemeen belang elke ogenblik beskikbaar tyd opeis.

En vraag julle selwers dan af, myn liwe lesers, of julle dan nog kan verwag dat ek julle van alles 'n beskrywing moet ge? En dit terwyl di krante dag na dag vol was van ons besoek in Nederland, waarvan wel brokstukke sal o'erwaai in Suid Afrikaanse krante?—

Né, né, dit waag ek ni, om julle di ontvangs te beskrywe ni. Ek het oek nooit kon denk om 'n enkel antekening te maak ni. Ons sekretaris had so 'n paar antekening, mar syn sakboek is gesteel. Molik perbeer ek later, tot oefening van myn geheuge, om uit myn herinnering di besoek te beskrywe. Nou geef ek mar myn algemene indrukke.

* * * * *
Myn eerste opmerking van onse ontvangs in Nederland is dat dit 'n eg *nasionale* ontvangs was. Ons het vooraf geseg, dat ons ni tot een of ander party of rigting kom ni, mar tot di *volk* van Nederland, om as verteenwoordigers van di volk van di Z. A. Republiek di groete en di dank o'er te bring ver di simpatie en hulp deur di Hollanse nasi betoon gedurende ons te'enspoed en lyden.

En dit is oek bowe verwagting geluk. Ons het Nederland deurgegaan en ons het van al di verdeeldheid en partyskappe, waarvan ons somtyds gelees en gehoor het, net *ni* gesien ni. Ons het ni kan onderskeie dat een of ander party ' warmer of kouer was in hulle ontvangs ni.

Gereformeerde en Remonstrante Kerke stuur gelykelyk gesante om ons te begroet. Liberale en Antirevolusionaire verwelkom ons ewe hartelik. Sels Roomse en Vrymesselaars blyf ni agter in betoning van hulde ni. Vertegenwoordigers van Staatsuniversiteite druk ons net so warm di hand as van di Vrye Universiteit of van di Theologise Skool. Liberale Kiesvereniging soos Burgeplicht doet hulle bes om onse saak te bevorder, en 'n gristelike werkliede bond soos Patrimonium dank saam met ons di God in Wiens naam ons volk kloeke daade kon doen.

Mar dat di ontvangs eg nasionaal was blyk nog uit iets anders as dat di verskillende partyskappe tydelik moes swyge. Dit blyk veral daaruit dat di *volk self* so vrywillig en so geesdrifvol an di ontvangs deelgeneem het. Di sig verdringende skaar oweral, waar di hoogste here en dames by di vensters sit of staan te groet as ons verbygaan, en di diensbodes en kinders vóór di deur of langs di straat.....Né, myn voorstelling is verkeerd, hier was gen afstand van stande ni,

Ouwe en jonge, diensbare en vrye, ansienlike en geringe, verdring elkaar om di naaste by te kom en wedywer in 'n hartelike juigtoon. Di ouwe moedertji daar, leunende op haar kiri, is oek in di gedrang.—En sal di kleintjies ni doodgetrap worde ni?.....Hoe aardig tog! Di klein vlaggies in di klein handtjies, party van hulle sakdoekies gemaak en party van papier!—En selfs in di agterbuurtes,—hier is di eerbetoon minder skitterend, mar di hartelikeheid molik nog welmenender. Di eenvoudige ereboge hier o'er di nouwe strate is wel eenvoudig, mar juis in hulle eenvoudigheid des te spreken-der. Wanneer was in di baurte laaste 'n ereboog? Wanneer is feesvreugde so tot in di nedrigste woning deurgedring?

Ek het meer as eens di opmerking gemaak, waarom dit so belangrik is om di volk self so te sien feesvier. En wel omdat dit iets is wat so geheel *vrywillig* uit di hart van di volk self moet opkom.

'n Feeskommissi samestel,—'n feesdis spreid,—feesgenote om di tafel vergader,—dis almal dinge wat op kunsmatige wyse kan opgerig worde. Mar gen wet of koninklik gebod kan di volk noodsaak om fees te vier ni, as hulle ni vrywillig daartoe lus gevoel ni.

Di vreugde op aller gelaat,—di gloed aller oge,—di geesdrif in aller hart,—wi kan dit gebiede of wi kan dit belet?

Onse tweede ^{*}opmerking ^{*}is, dat di eg ^{*}nasionale ^{*}gees by onse ontvangs sig veral sterk geopenbaar het by di *jeug* van Nederland. Di jonge volki was amper dol van geesdrif. Ek bedoel ni alleen di liwe meisies wat ons bloemruikers aanbied en ons pad met bloeme bestrooi ni, mar oek di ruwere straatjongens wat hulle tong uit hulle keel loop langs di rytuige, en half uit asem nog mar altyd blif roep: "Lewe Transvaal!"—Di geesdrif was sigbaar ni alleen in studentekorpse en jongelingsvereniginge of skoolinrigtings ni, né, net sowel in huiselike kringe. Di arme klein skapie is rasend om ons te sien, want hulle knoop onse persone vas an Laagnek en Spitskop. As dit in een of ander privaat gesin bekend word dat ons daar sal kom, dan is di kleintjies al di hele dag vooraf dol van blydschap, en as ons daar kom is hulle ni van ons af te kry ni.

Ek mag ewewel di studente ni vergeet ni. Ni alleen in Leiden waar ons *hulle* gaste was ni, en waar hulle ons so eg studentikoos ontvang het, mar oweral het di Hollanse studente eindelijk ons hart gesteel. Sulke waarlik onbekrompe, goedhartige jonge kerels! Al wat hulle doet so gul en welgemeend. Hetsy hulle as erewagte ons inhaal of uitgelei doet,

hetsy hulle ons met fakkel-optogte serenades bring, hetsy hulle met ons klink en drink op hulle sociëteite,—altoos ewe hartelik, ewe gul. Di studente van Delft,—van Leiden,—van Utrecht,—van Groningen,—van Amsterdam,—van Kampen,—né, ons *kan*, ons *sal* hulle nooit vergeet ni. Hulle self het dit ver ons *onmolik* gemaak. Di ure op hulle sociëteite,—di klimmery op di tafels en op di banke en stoele om spietse te maak, wi kan dit ooit vergeet? Né, nooit in al jou lewensdage ni.

En ni minder di leerlinge van Gymnasiums, en hogere en lagere Burgerskole sowel as van gristelike skole, met di Haagse skooljeug voorop, het ons heeltemal “inge-neem,” soos di Generaal dit noem. Sels di Dameskole is ni ten agter gebly ni. Hoewel ek maar in algemene trekke onse indrukke beskryf, kan ek hier tog ni di versoeking weerstaan om een staaltji van ontvangs in ’n Dameskool te vertel ni.

Ons kom terug van Delft na den Haag. Op weg is ’n Dameskool, wat ek beloof het te kom besoek, op vriendelike nitnodiging van di Direktrice. Dit is al donker, want dit het alweer by di slot op di studente sociëteit langer geduur as ons gedag het. Ek hou egter woord. Onse rytuige hou stil. Ons word binne geleid. Ek maak eksuus by di bestuurderes. Sy vraag of ons ni daarom di jonge dames wil groet en ’n paar woortjies wil toespreek ni. “Heel graag,” was natuurlik ons antwoord.

Daar staat nou di kring van jonge dames en soos ons inkom sing hulle :—

“ Di Vierkleur van ons dierbaar land,
Di waai weer o’er Transvaal,” ens.

Toen dit klaar was vraag di direktrice my om nou ’n woord te spreek, waartoe ek wel opgewek was deur di vrolike stemming waarin di lied gesing was, veral di vollende woorde werd met ’n welsprekende glimlag gesing :—

“ Ons vraag jou, Brit, gen goed of kwaad :
Gaat weg en laat ons bly.”

Wat ek gepraat het kan ek nou ni skrywe ni, al had ek oek di tyd. Mar di slot van myn rede herinner ek my nog heel goed :—

“ Almal groet kan ons ni. Mar ek stel voor dat di Generaal en ek elk an drie van di jonge dames di hand geef, en dit moet dan gelde ver almal.”

Mar, myn liwe vrinde, di toneel moes julle toen gesien hê. Toen ons onse hande uitsteek, toen pak hulle dit an tot bo

by di skouers. Ons groet naderhand met albei hande en albei arme.

"Nou moet ons mar *almal* groet!" seg di Generaal. En dit was, onder di indrukke, oek gaar gen onwelgevallige taak ni.

Menige grappi liep onder di groetery deur. Di vrolike stemming het ver di ogenblik alle skuheid weggeësem.

"Sy is oek 'n Brit! Sy is oek 'n Brit!" roep enige my toe en wys plagend op 'n jonge Engelse skone, wat ons egter net so hartelik groet.*

Laggend en skertsend kom ons daaruit, en op di rytuige, terwyl onse President ewe prettig anmerk: "Né, ek sal oppas dat julle twe ni weer onder di dames verval ni!"

* * * * *

En tog,—dis myn derde opmerking,—onder al di geesdrif en opgewekheid, in di grote volksmenigtes en optogte, by al di dinners en heildronke, het ons nergens iets onbetameliks gesien of gehoor ni; en is gen enkel ongeluk gebeur, sover ons weet ni.

Toen ons di Haag iury onder so'n feesgejoel, vraag ek an die Burgermeester, of hy oek speciale policiedienare angestel het. Syn antwoord was: "Ne, ek het geseg, lat di volk begaan. Di volk is hart en siel in di saak, en hulle sal hulle self wel bestier." En so was dit oek. Ni alleen in di hofstad ni, mar deur heel Nederland.

Ja, dit kan ek onse vrinde in Suid Afrika verseker: *di Hollandse nasi weet om fees te vier*, binne di perke van welvoegelikheid. Dis 'n wet en ordelievende volk.

Van di spreekwoordelike traagheid en dojerigheid van di Hollandse nasi het ons nix gesien ni. Veeleer het ons hier geleer, hoe hoog di geesdrif by 'n volk kan opgevoer worde sonder tot buitensporighede o'er te slaan.

* * * * *

Voorgaande het ek geskrywe in Londen, gedurende 'n vrye uurtje, toen ek op 'n korte besigheidsbesoek daar was.

Onvoltooid is myn stuk gebly. En nou in Lissabon kryg ek eers weer tyd en lus om dit te vervolg. Intussen het ons alweer 'n eg feestelike tog gemaak deur België en Frankryk, en 'n waarlik vermoeiende reis deur Spanje.

Ek wou nog 'n hele boel anmerkings gemaak hê van onse ontvangs in Holland, mar nou sal ek mar met nog 'n anmer-

Later toen ons vertrek van Holland na België, Frankryk, ens. was dit juis vakansi van di skool, en di jonge Britse skone kom in di vroege oggend na di statie by Harlem, waar sy was om te kuier, expres na di trein, in geselskap van 'n vriendin om ons te begroet en my te herinner an 'n halwe belofte om di skool nogeens te besoek.

king besluit. Want ek denk so, uit di Hollandse krante sal ons ontvangs daar wel in Suid Afrika bekend worde. Ek sal dus mar liwers wat meer vertel in vollende stukke o'er België, Frankryk, Spanje en Portugal.

So gaat dit as 'n mens op reis skryf!

* * * * *

Wel dan, di laaste anmerking wat ek ver di tegenwoordige sal maak van ons ontvangs in Holland is dat di Hollanders 'n *praktise nasi* is, wat weet om hulle woorde met *dade* te bevestig.

Di Hollanders besit di mag van di woord. Hulle kan goed praat en goed skrywe. Dit weet ons almal.

Mar wat ni almal weet of wil weet in ons land ni (omdat dit hulle dikwils anders voorgepraat word) is dat onse Hollandse broeders oek manne van *dade* is, en dat hulle *dade* juis di kenmerk draag van degelikheid, hoewel uiterlik dikwils minder schitterend.

As ek nou denk hoe vele an ons geseeg het, in ons land en elders: "In Holland gaat julle verniet geld of hulp seek; hulle sal baing *praat*, mar weinig *doen*."

Deur 'n grondige kennis van di Hollandse karakter was ons antwoord steeds: "Ons wil dit eers sien vóór ons dit sal glo dat Holland ons ongeholve sal terug stuur."

En hoewel ek nou onse eintlike onderhandelinge nog ni volkome kan openbaar ni (dit hoop ons te doen an di Volksraad wat ons afgevaardig het), tog kan ons genoeg medeel om onse o'ertuiging te regvêrdig, dat onse Hollandse broeders meer *doet* as net *praat*. Neem 'n paar voorbeelde.

Vereers by eremaaltyde en feestelike ontvangste wis onse broeders menige handtastelike blyk van toegenegenheid te ge, wat nog sal bestaan as di glœiende heildronke, hoe hartelik oek gemeend, al lank vergeet is. Hier 'n vlag, ginds 'n vaandel,—elders 'n geweer of 'n sabel; nou eens 'n mooi Bybel of ander pragwerk, opsettelik gebonde met opskrifte,—dan weer in silwer di Nederlandse Leeuw wat met di een poot di Transvaalse wapen versier met 'n lauwerkrans en met di ander poot ondersteun, ens. ens. Voeg hierby dat onse Hollandse broeders ons met 'n aparte, met vlagge versierde boot uit Londen kom haal het; dat hulle met 'n enkele uitsondering) hulle spoortreine tot ons beskikking gestel het en wel ons kosteloos altoos 'n salon-rytuig verleen het.....

Mar wat sal ik perbeer om al di dinge op te tel? Ons sal mar liwers as ons terug kom an di Volksraad vra om 'n mooi lokaal af te staan ver al di gedenkwaardighede en dit daarin te bewaar tot 'n blywende andenking an ons besoek in Nederland.

Op 'n aeder punt was di daadwerklike hulp van onse Hollanse broeders ver ons en ons land van nog meer belang. Terwyl di hele volk deelneem an di feestelike ontvangs, was daar manne wat intussen in stilte alle beskikbare kragte wy an onse belange, ja haas bowe vermoge sig toewy an onse saak. Vooran dien ons veral twe name te noem, Jonkheer Mr. G. J. T. h. Bealaerts van Blokland, wat ons in al onse *staatkundige* belange so trou bygestaan het; wat self syn betrekking as lid van di tweede Kamer moes lat verwaarloos om ons te help; wat vyf male na Londen gekom is om ons ter zyde te staan in Downingstraat, en oek trou met ons gestaan het tot op di end; ja wat di lange reis met ons meegemaak het na Lissabon om ons hier oek te help met raad en daad; en wat in onse onderhandelinge met andere mogendhede onse regterhand was en nog steeds blyf;—en na hom moet ons noem Professor Mr. N. G. Pierson, wat weer onse *financieële* sake, met soveel toewyding en bekwaamheid van di begin af ter hand geneem het, selfs vóór ons nog in Holland was. En dat sulke marnes sig gheel an onse sake toewy, seg veel, seer veel. Ni alleen dat hulle name as autoriteite gelde ni, mar dis bowedien manne wat sulke belangrike b. trekkings vervul en kulle tyd so nodig het, dat dit meer was as ons kon verwag, dat hulle so onse saak ver hulle rekening geneem het.

Hoe kan, hoe sal ons di manne dit ooit vergelde? Ne, ons kan ni. En jaarom vermeld ek dit hier, dat ons volk dit kan weet, dat hulle 'n blywende dank an di manne verksuldig is.

Mar ek noem di twe om met hulle te *begin*, ni om met hulle te *eindig* ni. Ne, ek sou ni alle name van medehelpers kan noem ni. Hoe sal ek dit kan vergeet, toen ek reeds uit Londen na Holland kwam op 'n stille besoek, om di *financieële* sake voor te berei (sienende dat dit so lank duur in Engeland), op welke vriendelike wyse 'n man as Mr. Mees, president van di Nederlandse Bank, di portfolio met onse *financieële* stukke uit myn hande neem om laat in di Saterdag aand nog onse sake na te gaan en ons goeie raad te kan ge.

Hoe kan ek vergeet hoe toen 'n vyftal van di geldmanne van Amsterdam amper 'n hele dag by Professor Pierson an huis met my deurgebring het om onse sake goed op te neem, ten einde te sien wat ver ons kan gedaan worde. Hoe kan ons vergeet dat 'n 20 vertegenwoordigers van di vernaamste Bankiershuise same, as manne wat één belang bedoel, di belang van Transvaal, met ons in Doelen Hotel geraadpleeg het o'er di beste planne om ons jonge volk kragtige en deug

delike hulpe te biede. En is dit op sig self ni al 'n heerlike resultaat, toen dit blyk dat 'n Spoorweg van Delagoa na Pretoria 'n eerste vereiste is ver ons land, dat sulke manne optreed om 'n Konsessi daarvoor te vra en 'n Maatskappy te vorm an wi di Konsessi geheel *sonder enig voordeel of voorbehoud* sal o'ergemaak worde, wat juis geskik is om vertrouwe ver di saak in te boesem deur heel Nederland; ja deur heel Europa: regsgeleerde soos Prof. Mr. N. G. Pierson en Prof. Moltser;—spoorwegmanne soos Menere Groll en Maarschalk, di beste name op di gebied;—geldmanne soos Menere A. C. Wertheim, Wurfbein, en Oyens.

En as di name nog ni genoegsaam is om ver 'n met sorg en bekwaamheid opgestelde Konsessi alle vrouwe ia te boesem ni, daar gaat dit nog gepaard met 'n Prospectus onderteekend deur sowat alle geldmanne van naam in Nederland.

Ek herhaal, wat di nitslag van alles is, sal blyk as ons rapporteer an di Volksraad. Nou noem ek mar di persone en dade, om te lat sien dat onse Nederlandse broeders meer doet as praat, en om betyds by ons volk op te wek dankbaarheid ver di manne. En ek seg nogeens, ek onderneem ni om al di name te noem ni; ek noem mar enige tot voorbeelde. Anders moes ek di hele volk noem, want van alle kante kom voortdurend di stemme tot di manne wat bekend was as onse raadgewers: "Wat maak julle tog? Wanneer kom julle met di *sake* van onse Transvaalse broeders voor di dag? Ons wag al op julle. Laat di skande ni o'er ons kom, dat ons onse broeders nit Suid Afrika feestelik onthaal mar met lege hande weggestuur het ni!"

Dis di algemeene stemming toen ons Nederland verliet op onse weg suidwaarts. Vollende maal o'er onse ontvangs in België, of liwers in Suid Nederland.

Lissabon, 30 April 1884.

ONS KORT VERBLYF IN BRUSSEL

ONTVANGS.—'N SONDAG.—'N MAANDAGS-PROGRAM—DI BELGISE KONING EN MIDDE-AFRIKA.—TEN SLOTTE.

Van Antwerpen ging ons na Brussel, di pragtige hoofstad van België, wat tereg genoem word "di kleine Parijs."

Al dadelik meet ek erken dat di ontvangs in di hoofstad onse verwagting o'ertref het. In 'n amper geheel Vlaamse

stad soos Antwerpen had ons wel rede om wat simpati en geesdrif te verwag. Mar in di hoofstad met so 'n gemengde bevolking, wat bowedien as hoofstad gewend is an vorstelijke besoeke, had ons nooit so 'n eenparige en geesdrifvolle deelneming van di bevolking kan verwag ni. Ek laat hier volg wat di *Indipendance* seg van

ONSE ONTVANGS IN BRUSSEL.

“ De deputatie van Transvaal is gisteren avond uit Antwerpen te Brussel aangekomen, in de Noorderstatie, ten 7 ure 50 m. In de statie wachtte het muziekkorps der grenadiers en de leden van het eerecomiteit, die gelast waren de Zuid-Afrikaansche afgevaardigden te ontvangen.

Op 't aangeduide uur arriveerde de trein, begroet door de hoeras der menigte die was binnengedrongen en men zag de hhn. Paul Kruger, president der Transvaalsche Republiek, Du Toit, minister van onderwijs, den vechtgeneraal Smit uit den wagen stappen, gevolgd door de hhn. Ewald Esselen en Eloff. secretarissen, en jonker Beelaerts van Blockland, hun geleider

“ Groot was de geesdrift en honderdmalen werd de kreet: *Leve Transvaal!* aangeheven. Er ontstond een hevig gedrang, dat voortduurde tot buiten de statie, maar een commissaris kon de leden der deputatie in de ontvangszaal brengen.

“ Een der ondervoorzitters van het Comititeit, de hr. Odilon Perier, advocaat, stelde zijne collegas voor aan President Kruger, en M. Couvreur, ondervoorzitter der Kamer van Representanten, sprak de Zuid-Afrikanen als volgt toe:

“—Ik zal kort zijn, mijnheeren, want de beste redevoeringen zijn de minst lange. Eén woord is voldoende: *Welkom!* Wij vereeren in u de manhaftige strijders, die, door wonderen van moed en voorzichtigheid, de onafhankelijkheid en de vrijheid hebben veroverd.” (*Toejuichingen.*)

“ En de hr. Kruger antwoordde in het Nederlands de Nederlandsche toespraak van den hr. Couvreur:

“ Ik bedank de leden der Commissie en het Belgisch volk, voor hun warm en broederlijk onthaal. Wij zijn er des te fierder op, dat dit onthaal niet tot ons alleen maar tot onze geheele bevolking is gericht.”

“ Nieuwe toejuichingen, waarna men zich op weg begeeft naar het *Grand Hotel*, langsheen den Noorderboulevard. De Plaats der Naties ziet zwart van het volk; hier en ginder vlammen bengalsche vuren. Een dertigtal maatschappijen vormen den stoet.

“ Op gansch den doortocht werd de Deputatie toegejuicht.

“ Voor het *Grand Hotel* worden de Transvaalsche en Bel-

gise arias uitgevoerd en de geestdrift s'ijgt ten top wanneer de afgevaardigden op het balkon verschijnen, terwijl de maatschappijen voorbij trekken.

"Teruggekeerd in den salon drukt M. Julius Hoste; voorzitter van het comiteit, zich nagenoeg als volg uit :

"Ik stel mij aan, heeren, als de tolk der gevoelens van het volk dat u kent en vereert. 't Is omdat zij u lief hebben, dat al die maatschappijen zich rond u scharen. Zij ook streven voor hunne rechten, maar zonder zooals gij gestreden te hebben."

"Op zijne beurt neemt de hr. Du Toit het woord en zegt :

"U bedankende verklaar ik, dat ik noch een Holland noch een België ken, maar wel een eenig *Nederland*. Allen zijn wij niets dan Nederlanders van het Noorden en van het Zuiden. Ons volk heeft ons gelast zijnen broedergroot te brengen aan u, die in de dagen van gevaar en strijd, met ons geleden en geweend hebt. De hedendaagsche beschaving heeft de afstanden afgeschaft, en als ik zoo spreek, zinspeel ik niet op de politiek, maar op eene kwestie van nationaliteit. Wij reiken u de hand in de toekomst."

"Na deze woorden, die vurig werden toegejuicht, verwijderde zich een ieder en weldra had de boulevard zijn gewoon aanzien hernomen."

'N SONDAG TE BRUSSEL.

Saterdag aand is ons in België's hoofstad angekom. Na di feesgewoel verby was is enige lede van onse Deputasi nog 'n wandeling gaan neem met enige lede van di feeskommissi, om sowat van di volkslewe te sien. 'n Volks koffiehuis werd besog, in di wat sure Brusselse bier geproof;—'n kyki werd geneem in di grote Stadsskouwburg, waar ons juis met di pause ankom, en waar ons toea in di loge wat ons goedgunstig verleen werd di skouwspel was van di hele publiek;—nog wat by di Hollanse Club ingeloop, 'n glas bier gedrink en 'n praatti gehou;—en nou na bed,—vermoeid.

Sondag sou 'n *rusdag* wees. Dit had ons vooraf an di feeskommissi megedeel. En di goeie vrinde, wat in alles onse gevoelens eerbiedig, had oek hier onse wense gevolg, en di dag geheel vry gelaat.

Di oggend ging di President, Meneer Beelaerts en ik na Ds. De Jongh syn diens. Deur di digbevolkte strate, langs di ope winkels (ek het mar heel weinige gesluit gesien), o'er 'n drukke mark, ging ons by 'n kleine onkenbare kerkdeur in, deur 'n lange gang, en agter in 'n kleine eenvoudige bedehuis met 'n paar honderd anbiddero. Hartelik was di woord, vurig di gebed, en ernstig di stemming.

Di namiddag ging di President na di andere Hollandse kerk, waar hy oek 'n woord sprak. Meneer Beelaerts en ik ging weer na Ds. De Jongh syn kerk, waar ek belof had di woord te spreek. Grondslag van myn rede was Ps. 20:8—“Dezen vermelden van wagens, en die van paarden; maar wy zullen vermelden van den naam des Heeren, onzes Gods.” In 10 punte het ek an di geloofsgenote argewys di vinger Gods in di Transvaalse Vryheids-oorlog, om te toon dat God nog leef en sig openbaar soos in vroegere tye. Seer andagtig was di gemeente en hartelik werd my di hand gedruk deur veule broeders en susters, en my dank betuig dat ek hulle geloof so versterk het.

Di middag het ons geëet in di vrendelike huisgesin van onse geliefde broeder Van Deth, waar ek op myn reis in 1880 oek sulke gelukkige ure op 'n Sondag deurgebring het.

Di Generaal met di twe sekretarisse en enige Brusselse vrinde het di dag besté om di slagveld van Waterloo te gaan sien. Daar moes hulle o.a. natuurlik oek hulle name in 'n boek teken, en een van di lede van di geselskap was so ondeugend om langes di name in di boek di vollende versi te skrywe.

De Kinderen van Albion
 Verheerlijken hun' Wellington,
 Omdat hij hier een veldslag won,
 Nootlottig voor Napoleon,
 Die steeds, meest tegen 'd overmacht,
 De zege te behalen placht,
 Doch dapper veldheer dan die Brit,
 Is toch voorzeker onze Smit,
 Wiens ijzeren vuist, wiens wil van staal,
 Aan gene zijde van 't Kanaal,
 Bewondering wist af te dwingen.
 Vrij moogt gij uwen held bezingen:
 Uw Water-*l'eau* wist nimmer uit
 AMAJUBA EN BRONKHORSTSPRUIT.

DI PROGRAM VAN MAANDAG.

kan ik mar lat beskrywe van di Korrespondent van di *N. R. Courant*, wat tog so syn bes gedaan het om 'n trouwe verhaal van alles te gé.

Brussel 21 April, 1 uur 's namiddags.

De eerste helft van het Programma voor heden is afgelopen. 't Was omtrent half elf, toen vier open rijtuigen de

deputatie benevens de heeren, in wier gezelschap generaal Smit gisteren het veld van Waterloo bezocht, aan het *Grand Hotel* afhaalden. Een groot aantal nieuwsgierigen hadden zich aan den uitgang geposteerd, alwaar de bezitter van het hotel het wapen van Transvaal heeft laten plaatsen, hetwelk daar te midden der Nederlandsche, Transvaalse en Belgische vlaggen prijkte.

De ingang van het paleis van justitie was eveneens van nieuwsgierigen bezet, die ook eerbiedig groetten. De *conservateur* van het paleis bevond zich op den drempel van het gebouw, en geleidde het gezelschap door de voornaamste zalen, die door de daarin tentoongestelde pracht bij de deputatie een ongekunstelde en onverholten bewondering verwekten.

Omstreeks elf uur verliet het gezelschap het paleis om zich naar het stadhuis te begeven. Ook op de markt was er zeer veel volk aanwezig. In de Burgermeesters kamer werd de deputatie ontvangen door den Burgermeester, den heer Buis, aan het hoofd der schepenen en raadsleden.

In de volgende bewoordingen richtte de heer Buis het woord tot de deputatie:—

“Ik ben gelukkig, in naam der stad Brussel, aan de achtbaren afgevaardigden der Transvaalsche Republiek den welkomstgroet toe te sturen.

“Niet alleen voelen wij ons aan u gehecht door de banden van gelijken oorsprong en gelijke taal, maar ook door de genegenheid, welke in onze harten ontstond en gedurig aangroeiende, bij het vernemen van de volharding en van de krachtdadigheid, waarmede gij de onafhankelijkheid van uw grondgebied verdedigd hebt.

“Heden komt gij in ons midden om u aan het oude Europa te verbinden met de vredesbanden van handelsbetrekkingen; weest welkom!

“Van harte wenschen wij, dat gij uw vaderland veilig moogt terug zien na, voor uwe landgenooten, de vriendschap en de medewerking verworven te hebben, van al de volkeren, die uwen eerlijken handdruk zullen ontvangen hebben.”

De heer Kruger dankte daarop voor sprekers woorden, en nam deze gelegenheid tevens te baat, om aan het hoofd der stad Brussel in naam der geheele Transvaalsche bevolking voor de hun betoonde sympathie hunnen hartelijken dank te betuigen.

Nadat op uitnodiging van den burgermeester, de heer Kruger zijn naam in het *livre d'or* geschreven had, geleidde de heer Buis het gezelschap door de voornaamste zalen van het gebouw. In de gothische trouwzaal, waar er een groot aan-

tal paren wachtten om het bindend "ja" uit te spreken, verwekte de komst der deputatie niet weinig opzien. De aldaar geposteerde soldaten der brandweer presenteerden het geweer.

De deputatie nam vervolgens dankend afscheid van burgemeester, wethouders en raadsleden. Daarop volgde het bezoek aan den minister Frère-Orban. De heer Hoste stelde de Transvaalse heeren aan den minister voor, waarna de deputatie een onderhoud had met den heer Frère-Orban; de heer Beelaerts van Blokland was daarbij de tolk. De deputatie onderhield den minister over de rechtsgeldigheid van het traktaat van 1876, en oordeelde dat zulks nog van kracht was. De minister beloofde dit te onderzoeken; zijn indruk is, zooals hij zeide, ten gunste dier rechtsgeldigheid. De deputatie sprak tevens den wensch uit een Belgisch consulaat in Transvaal te mogen bezitten.

Om kwart na twaalfen was de audientie afgelopen. Een bezoek aan de kerk van St. Gudule, met den prachtigen preekstoel van den bekenden beeldhouwer Laurent Delvaux, werd in het programma ingelascht. Om half een braochten de rijtuigen het gezelschap naar het *Grand Hotel* terug.

Brussel, 22 April.

Gisteren namiddag te drie uren, stapte de Deputatie af aan het koninklijk paleis, en werd door den heer Frère-Orban, Minister van buitenlandsche zaken, aan H.H. M.M. den Koning en de Koningin voorgesteld. President Kruger droeg als teeken zijner waardigheid de groene, met rood, wit en blauw omzoomde sjerp; de heer Beelaerts van Blokland was in de uniform van lid der 2de Kamer. Z. M. betoonde zich zeer ingenomen met het Transvaalsche Driemanschap, en verzocht hun zich in hunne taal uit te drukken, daar hij deze zeer goed verstond. Hij zelf bediende zich van de Fransche taal, waarbij de heer Beelaerts van Blokland als tolk fungeerde.

President Kruger betuigde den Koning zijnen dank voor de hartelijke ontvangst hem door de Brusselsche bevolking bereid, en die er voorzeker veel toe zoude bijdragen om België nog meer aan de Z. A. Republiek te binden.

Het gesprek liep over den Kongo, den ontworpen spoorweg, hunne handelsbetrekkingen en zoo meer. Nadat Z. M. zich bijna een half uur met de leden der Deputatie onderhouden had, namen deze afscheid van het Belgische vorstenpaar, welks innemendheid niet genoeg door hen kon geroemd worden. Het gezelschap werd vervolgens uitgeleid door den groot-maarschalk van het hof, den heer Van der Straeten-